


# **Die Voortrekkers**



**OFFISIERSHANDLEIDING**

**vir**

**Penkoppe en Drawwertjies**

**in**

**Graad 6**

Uitgee deur:

**Die Voortrekkers**, Posbus 12015,  
QUEENSWOOD, 0121

Kopiereg: **Die Voortrekkers**

Eerste uitgawe, eerste druk 1997

Eerste hersiening, eerste druk 2001

Tweede uitgawe, eerste druk 2006

ISBN 1-874993-91-2

**INHOUD**

INLYWING.....	4
1 Inlywingsvereistes.....	5
EK AS MENS.....	12
1 Menswees.....	12
2 Kommunikasie.....	15
3 Musiek.....	20
4 Groepsdruk.....	24
EK IN MY OMGEWING.....	25
1 Selfbehoud.....	25
2 Noodhulp.....	31
3 Kampering.....	36
4 Kosmaak in die Veld.....	39
EK AS VOORTREKKER.....	42
1 Die Voortrekkers - Landswyd.....	42
2 Seremonie-vaardighede.....	44
3 Die Voortrekkerkode.....	47
4 Voortrekkerdrag en Kleurstelsel.....	49
5 Tradisionele Spele en Danse.....	51
EK AS AFRIKANER.....	54
1 Die Afrikaanse taal.....	54
2 Helde.....	58
EK AS LANDSBURGER.....	60
1 Die Geskiedenis van ons Volk en Land.....	60

**AAN ELKE SPANOFFISIER**

Baie welkom hier aan die begin van 'n opwindende jaar saam met jou span.

Om die span suksesvol en gemaklik te kan hanteer, benodig jy die basiese kursusse en die volgende literatuur:

- ♦ *Offisiershandleiding vir Penkoppe en Drawwertjies in Graad 6.*
- ♦ *Penkop en Drawwertjie Werkboek vir Graad 6.* (een vir elke kind in jou span)
- ♦ *Spesialisasies vir Penkoppe en Drawwertjies.*
- ♦ *Ondersteuning vir Penkop en Drawwertjie Offisiere.* Hierdie boek kan jy van graad 1 tot graad 7 gebruik en met groot vrug selfs ook later.

Aan die einde van die jaar kan jeuglede wat die inhoud van die graadboek suksesvol deurgewerk het, 'n goue graadwielkenteken kry. Hierdie kenteken word op die erkenningsbaadjie aangebring. Die besonderhede oor die aanwerk van alle kentekens sal u vind in die afdeling oor Voortrekkerdrag.

Sterkte en geniet jou span.

Nasionale Komitee vir Penkop- en Drawwertjiesake.

U het vanjaar 'n besondere geleentheid om te help bou aan 'n medemens en te vorm aan 'n burger van ons land. Baie voorspoed met u taak. Ons vertrou dat u aan die einde van die jaar na vele hoogtepunte sal kan terugkyk.

**Mag ek die rede wees dat 'n kind sal sê:**

**My erfenis is vir my mooi.**

Met dank en erkenning vir die samestelling en afronding van hierdie boeke aan:

Nell Smith, Maatjie Greyling,  
Magriet Venter

## INLYWING

Wanneer nuweling aansluit, is daar 'n paar sake wat spoedig en korrek afgehandel moet word. Lede kan dwarsdeur die jaar aansluit alhoewel die begin van die jaar meer wenslik is.

### Taak van die offisier

1. Deurgee van die nodige inligting aan ouers.
2. Uitgee van en ontvang van registrasievorms.
3. Toesien dat jeuglid gereistreer word.
4. Toesien dat jeuglid ledegeld betaal.

### Taak van die Ouer

1. Vergewis homself van wie en wat *Die Voortrekkers* is.
2. Korrekte voltooiing van die registrasievorm.
3. Betaal van die voorgeskrewe gelde.
4. Meelewing en ondersteuning aan span en kommando.

### Inligting vir die afhandeling van bogenoemde

**Registrasie** as lid van die Beweging: Registrasie geskied deurdat elke voornemende Voortrekker by die betrokke gebiedskantoor gereistreer word voordat hy aan Voortrekkeraktiwiteite mag deelneem.

Elke ouer of voog moet die voorgeskrewe vorm voltooi en saam met die ledegeld aan die kommando terugbesorg. Die kommandodagbestuur moet sorg dat die registrasie plaasvind en die offisier se taak is eers afgehandel wanneer die registrasienommer terug ontvang is.

**Voortrekkerdrag:** Om eenvormigheid binne die Beweging te skep, is 'n voorgeskrewe drag vir alle lede nodig. Die Penkop en Drawwertjie dra 'n rooi, wit of blou gholfhemp met die geborduurde wapen, met 'n blou broek/romp, verkieslik van 'n denim materiaal.

As formele drag word die erkenningsbaadjie, waarop die kentekens aangewerk word, bo-oor die hempie gedra.

Voorskrifte hieroor sal u vind in die reglement vir Voortrekkerdrag.

Inligting wat aan die ouers deurgegee moet word: Maak die nodige hoeveelheid afskrifte van die volgende of gebruik soortgelyke vorms wat deur u kommando verskaf word om die inligting aan die ouers te gee.

<b>Kommandonaam:</b>	<b>Spannaam:</b>
Adres	Offisier
Telefoon	Telefoon
Kommandoleier	<b>Spanbyeenkoms:</b>
Telefoon	Plek
	Tyd
<b>Koste van:</b>	<b>Kampe:</b>
Ledegeld per jaar	Spankamp
Betaalbaar teen	Kommandokamp
Gholfhemp	Oordkamp
Erkenningsbaadjie	Gebiedskamp
Kentekens	Uitstappies
Werkboek	Ander

**Inlywings geleentheid:**

Elke nuwe Penkop en Drawwertjie word tydens 'n amptelike geleentheid, wat normaalweg deur die kommando gereël word, ingelyf. Iets spesiaals moet van die geleentheid gemaak word en dit moenie as 'n lastige formaliteit afgehandel word nie. Die inlywing kan dalk bepalend wees hoe lank die jeuglid 'n Voortrekker sal bly.

Die ouers moet na die geleentheid uitgenooi word waartydens die nuwe jeuglid die belofte hardop aflê omdat hy graag 'n Voortrekker wil wees. Al die aanwesige Voortrekkers is in formele Voortrekkerdrag. Die aflê van die belofte is **altyd** 'n plegtige, formele geleentheid. 'n Spesiale persoon soos die Gebiedsleier, Oordleier, Kommandoleier, of 'n Erelid neem die plegtigheid waar.

Die nuweling moet aan die volgende **inlywingsvereistes** voldoen:

1. Die belofte ken en verstaan (soos dit van sy ouderdomsvlak verwag kan word) en dit tydens die inlywing kan opsê of agterna sê as 'n offisier dit voorlees.
2. Die Voortrekkerwapen kan herken.
3. Die Voortrekkervlag herken.
4. Die korrekte Voortrekkerdrag besit en dra.
5. Basiese drilbewegings naamlik: aandag en op die plek rus kan uitvoer.
6. Die Voortrekkersaluut kan uitvoer.

## 1 INLYWINGSVEREISTES

### 1.1 DIE BELOFTE

Ek sal oral en altyd probeer om 'n Voortrekker te wees,  
om gehoorsaam te wees,  
om my volk, my land en my medemens te dien  
en bo alles die Here lief te hê.

#### Wat is 'n Belofte?

'n Belofte is 'n versekering (kontrak) om te doen wat ek gesê het, want my woord is my eer.

'n Belofte moenie ligtelik gemaak word nie, want mens breek nie 'n belofte nie.

Wanneer 'n mens inwillig om iets te doen of by te dra tot iets, dan behoort jy ook bereid te wees om 'n belofte af te lê.

In die latere lewe word daar ook beloftes afgelê soos byvoorbeeld by belydenisaflegging in die kerk, die troubelofte en die doopbelofte. Beloftes aan meerderes, gelykes en minderes is ewe belangrik.

#### **AANBIEDING**

*Probeer om die begrip tuis te bring deur middel van 'n storie, 'n poppekas of selfs 'n opvoering deur 'n ouer span. 'n Belofte moet nagekom word al word dit aan wie ook al gemaak. Daarom moet 'n mens baie seker wees voordat 'n belofte afgelê word.*

Wat beteken die belofte?

Ek sal	gemotiveerd om iets te wil doen
oral	op enige plek
altyd	aanhoudend
probeer	al gaan ek dit nie die eerste keer regkry nie
'n Voortrekker te wees	alles te doen wat van my as Voortrekker verwag word
gehoorsaam	te luister sonder redekawel
my volk	die mense wat net soos ek leef, dink en doen
my land	die plek waar ek woon en sy mense
my medemens	die mense rondom my
te dien	om te gee vir ander en te help
bo alles	die belangrikste
die Here lief te hê	om aan Hom gehoorsaam en getrou te wees

Die Penkop en Drawwertjie moet die belofte ken en verstaan (soos dit van sy ouderdomsvlak verwag kan word) en dit tydens die inlywing kan opsê of agterna sê as 'n offisier dit voorlees. Terwyl die belofte afgelê word, moet die saluut geneem word. Die aflê van die belofte is altyd 'n plegtige formele geleentheid. Die Penkoppe en Drawwertjies hou van aandag en moet op 'n plek ingelyf word waar hulle gesien kan word.

Wat doen jy met die Penkop en Drawwertjebelofte?

Die belofte word nie net eenmalig gebruik om die Penkop en Drawwertjie ingelyf te kry nie, maar moet voortdurend "gebruik" word, byvoorbeeld:

- ♦ Dit kan aan die begin of einde van 'n spanbyeenkoms voorgelees word.
- ♦ Die span kan dit saam opsê nadat spangodsdiens gehou is.
- ♦ Die belofte en spanlied behoort 'n inskrywing op elke byeenkoms se program te wees.
- ♦ Laat die Penkop en Drawwertjie, na sy inlywing, op die werksblad aantekene wanneer, deur wie en waar hy ingelyf is.

**AANBIEDING**

1. *Om die belofte bloot woord vir woord te leer, mag aan die skool herinner. Lees dit vir die eerste paar byeenkomste gereeld aan die spanlede voor, sodat hulle daaraan gewoond kan raak. Breek dit dan in sinsnedes op en skryf dit op karton neer. Laat die span die belofte stuk vir stuk aanleer en plak dit op die muur in die spankamer soos die span vorder.*
2. *Moenie alles tydens een geleentheid behandel nie, maar behandel die betekenis soos die belofte aangeleer word. Dit sal van u afhang of die belofte 'n "lewenswyse" gaan word. Herinner die spanlede gedurig aan wat hulle beloof het om sodoende koers aan hulle in die lewe te gee.*
3. *Gee aan die Penkop en Drawwertjie ook geleentheid om te sê hoe hy die betekenis van die belofte sien, stel reg waar nodig, maar luister fyn na wat die kind sê en hoe hy dit sien. Dit kan dalk aantoon hoe jy moet optree om die regte leiding te gee.*

## 1.2 DIE VOORTREKKERWAPEN

### Wat is 'n wapen?


'n Wapen is 'n uitkenningsteken vir 'n groep, beweging of vereniging. Die tradisie dateer uit die Middeleeue toe ridders sekere sinnebeelde op hul skilde uitgewerk of geskilder het. So 'n wapen of uitkenningsteken het 'n groot gevoelswaarde vir die lede van die groep gehad en dit was vir hulle dikwels die sinnebeeld van hul voortbestaan, waarvoor hulle dan sou veg tot die bitter einde toe. So het elke land, provinsie, stad, dorp, inrigting, kerk, skool en vereniging vandag sy eie wapen of kenteken wat hom onderskei van ander soortgelyke instellings. Net soos 'n skool 'n wapen het wat spesiaal vir die skool ontwerp is, so het ons Voortrekkers ook 'n wapen wat spesiaal vir ons ontwerp is. Een van die stigterslede van *Die Voortrekkers*, **prof B Taute**, het die idee van die wiel en 'n fakkel vir ons wapen voorgestel, en ons eerste Hoofleier, **dr N J van der Merwe**, het die mooi leuse HOU KOERS vir ons gegee.

### Waarom het *Die Voortrekkers* 'n wapen?

'n Kenteken is gewoonlik gebaseer op dit waarvoor die beweging staan met 'n aanduiding daarby van die doel en strewe en toekomsdele van die instelling of organisasie. Dit is dus vanselfsprekend dat 'n beweging soos *Die Voortrekkers* 'n wapen of uitkenningsteken sal hê. Aangesien *Die Voortrekkers* 'n kultuurbeweging vir die Afrikanerjeug is, lê dit voor die hand dat 'n uitkenningsteken gekies is wat gebaseer is op die volksverlede van die Afrikanervolk met 'n baie duidelike aanduiding daarby wat die ideale van die Beweging is.

### Hoe lyk die Voortrekkerwapen?

Die wapen bestaan uit die voorwiel van 'n kakebeenwa, 'n brandende fakkel en die leuse van *Die Voortrekkers* onderaan, naamlik "HOU KOERS". Die rooi, wit en blou van die Voortrekkerflag is ook die kleure van die wapen.



### Die boodskap van die Voortrekkerwapen

#### **Die voorwiel van 'n kakebeenwa met tien speke**

Daar is 'n speek vir elke bepaling van die Voortrekkerkode. Die wiel is silwer. (Om die wiel in te kleur, gebruik 'n gewone sagte potlood en kleur liggies en egalig in, dan lyk dit baie soos silwer). Die boodskap wat die wiel uitdra, is een van beweging en vooruitgang en dit dui op lewe.

#### **'n Brandende fakkel**

Die fakkel is wit met 'n rooi vlam en word met 'n blou lint aan die wiel vasgemaak. Hier gebruik ons die drie Voortrekkerkleure. Net soos die vlam vir ons lig gee, gebruik ons dit as simbool van ons geloof in God wat vir ons die lig op ons lewenspad is. 'n Vlam kan versprei en kan 'n groot vuur veroorsaak. Voortrekkers behoort ook hulle kennis en liefde vir God en hul land na ander te versprei om daardeur 'n verskil te maak.

#### **'n Blou lint met die woorde van ons leuse: Hou Koers**


Die leuse spoor ons aan om doelgerig te lewe. Die Bybel is vir ons soos 'n kompas wat die rigting aandui. As ons die rigting volg wat daardie kompas aandui sal ons koers kan hou na ons ewige doel.



### AANBIEDING

1. *Bogenoemde inligting hoef nie alles aan die kleiner kind oorgedra te word nie. U ken u span en weet waartoe hulle in staat is. Gee die inligting so eenvoudig moontlik aan hulle.*
2. *Gee die vorige week opdrag dat die span prentjies van wapens moet saambring, ook 'n kleurafdruk van die Voortrekkerwapen. Sorg u ook vir 'n klompie. Probeer om saam met hulle vas te stel wat die verskillende wapens se boodskap is.*
3. *Gesels dan met die span oor wat 'n wapen is en wat die nut daarvan is.*
4. *Laat hulle self vasstel waar die wapen op die formele Voortrekkerdrag voorkom.*
5. *Laat die Penkoppe en Drawwertjies die Voortrekkerwapen herken.*

### 1.3 DIE VOORTREKKERVLAG



#### Wat is 'n vlag?

'n Eie vlag is 'n teken van 'n volk of organisasie of 'n skool se onafhanklike bestaan. Dit beteken dat die volk, organisasie of skool hulle "eie baas" is. Hulle reël en bedryf dinge soos dit hulle pas en by hulle doen en late inpas en geen buitestaander skryf aan hulle voor nie. So 'n uitkenningsteken is gewoonlik die trots van 'n land se mense, 'n skool se leerlinge of 'n organisasie se lede. Mense is ook bereid om op te offer ter wille van die behoud van 'n vlag. Selfs oorloë is al gevoer vir die behoud van 'n vlag. 'n Vlag kan vir 'n volk selfrespek gee en motiveer.

#### **Die Voortrekkervlag**

Die vlag bestaan uit rooi, wit en blou driehoeke. Die rooi driehoek is aan die bokant van die vlag met die skerp punt van die wit driehoek die naaste aan die vlagpaal. Die vlag was oorspronklik die vlag van die eertydse Republiek Natalia. Toe *Die Voortrekkers* in 1931 gestig is, het ons eerste onderhoofleidster, mev. M. M. Jansen, voorgestel dat hierdie vlag vir *Die Voortrekkers* aanvaar word. Mev. Jansen het ook self die eerste vlag gemaak wat op 30 September 1931 deur genl J. B. M. Hertzog aan *Die Voortrekkers* oorhandig is.

Die Vlaglied

*Nooit hoof jou kinders wat trou is te vra:  
 Wat beteken jou vlag dan Suid-Afrika?  
 Ons weet hy's die seël van ons vryheid en reg  
 Vir naaste en vreemde, vir oorman en kneg;  
 Die pand van ons erf'nis, geslag op geslag,  
 om te hou vir ons kinders se kinders wat wag:  
 Ons nasie se grondbrief van eiendomsland,  
 Uitgegee op gesag van die Hoogste se hand.  
 Oor ons hoof sal ons hys, in ons hart sal ons dra,  
 Die vlag van ons eie Suid-Afrika.*

Woorde: C. J. Langenhoven


Toonsetting: F. J. Joubert

**AANBIEDING**

1. Kry die vlag gereed. U kan ook 'n stormvlag vir die geleentheid gebruik.
2. Vertel hoekom ons 'n vlag het.
3. Wys daarna hoe die vlag lyk. Laat die spanlede die vlag hanteer en self die verskillende kleure en dele uitwys.
4. Wys hoe die vlag aan die paal hang en laat hulle self oplet watter deel bo is.
5. Die jong Penkoppe en Drawwertjies is lief vir seremonies en daarom moet hulle gereeld saam met die res van die kommando daaraan deelneem.
6. Die aanleer van die woorde van die Vlaglied kan oor 'n aantal vergaderings strek. Om die wysie aan te leer kan 'n groter Penkop- en Drawwertjiespan gevra word om te kom saam sing.

**1.4 VOORTREKKERDRAG**

Die volgende kentekens moet voor inlywing op die nuweling se erkenningsbaadjie aangebring wees.



Laat 10mm spasies tussen kentekens.

**Vir inlywing is formeledrag 'n vereiste.**

## 1.5 BASIESE DRILBEWEGINGS

### Aandag.

Die bevel klink so: "A--a--n-dag"

Die "aan" gedeelte laat jou luister, op die "dag" gedeelte word die volgende beweging uitgevoer:

- Hou die regtervoet stil en die regterknie reguit.
- Sit jou linkervoet flink langs jou regtervoet neer.
- Almal se voete kom presies gelyktydig op die grond neer sonder **om dit te stamp**.
- Die arms beweeg gelyktydig na die sye.
- Die gewig is nou op albei voete.
- Die vingers is gebuig maar nie gebal nie.
- Die houding:
  - Liggaam is regop.
  - Kop regop en kyk reguit vorentoe.
  - Skouers is nie opgetrek nie maar effe na agter en die bors stoot natuurlik uit.
  - Die arms hang reguit van die skouers af.
  - Elmoë is teen die sye en die gewrigte is reguit.



Die "aandag" posisie word gebruik waar 'n groep netjies moet aantree en/of respek moet betoon.

### Op die plek rus

Die bevel klink so: "Op die pl--e--k- rus"

- Hou die regtervoet stil en die regterbeen reguit.
- Sit die linkervoet 'n entjie van die regtervoet af neer.
- Die gewig is op albei voete.
- Almal se voete kom gelyktydig op die grond neer sonder om te stamp.
- Saam met die voete beweeg die hande met die kortste pad na agter die rug.
- Die agterkant van die regterhand lê in die palm van die linkerhand en die regterduim is oor die linkerduim gekruis.
- Die houding is nou:
  - Die arms is gestrek agter die rug en die bene is reguit.
  - Die tone is effe na buite gedraai.
  - Kop regop en kyk vorentoe.
  - Die liggaam is nog steeds gestrek en flink.



"Op die plek rus" word gebruik om die groep tydens 'n seremonie gemaklik maar tog netjies te laat staan.

Aangesien die ontvang en die uitvoer van bevels vir die nuweling vreemd is, moet die basiese bewegings vir hom aangeleer word voordat hy ingelyf word.

## 1.6 DIE SALUUT

Die saluut word uitgevoer vanuit die “aandag”-posisie.

Dit is 'n vorm van eerbetoon en word dus gebruik op 'n voorgeskrewe manier.

- Die regterhand word uit die aandag-posisie met die kortste pad opgelig na die linker bors sodat die wysvinger aan die sleutelbeen raak.
- Die vingers is gestrek en saam met die hand, gewrig en voorarm vorm dit 'n reguit lyn en die duim bly teenaan die ander vingers.
- Wanneer die saluut gebruik word tydens die aflegging van 'n belofte of tydens 'n vlagseremonie moet die saluut vir die volle duur van die belofte of die lied gehou word.
- Sou vlagdraers die vlag na 'n hysing salueer is dit net vir twee tellings.
- Na die saluut word die hand weer afgebring na die sy, die hand vou toe vir die aandag posisie.
- Die hand mag nie teen die broek of romp klap nie.



## EK AS MENS

### 1 MENSWEES

#### DOEL

Om aan die Penkop en Drawwertjie te leer dat jy deur respek vir ander mense, hulle kultuur en hulle eiendom, menseverhoudinge kan bevorder.

#### INHOUD

1. Respek as deel van menswees
  2. Wyse van respektbetoning
  3. Respek vir mense en hul eiendom
  4. Respek vir openbare eiendom
- 

#### 1.1 RESPEK AS DEEL VAN MENSWEES

Om ander mense te behandel soos wat jy verwag dat hulle jou moet behandel, is die elementêre beginsel van menswees. Elkeen is 'n skepsel van God en daarom is ons almal gelyk wat ook al ons status hier op aarde is. As ons iemand met respek behandel, erken ons hom as skepsel van God met 'n eie wil, gevoelens en besluitnemingsreg. Iemand het eendag gesê: 'n Groot man toon sy grootheid juis op die manier waarop hy klein mannetjies behandel.

#### 1.2 WYSE VAN RESPEKBETONING

In die weermag word respek betoon deur te salueer en op aandag te staan wanneer daar met iemand van hoër gesag gepraat word. In die alledaagse lewe hoef ons nie so formeel te wees nie, maar kan op informele wyse net so opreg respek betoon.

1. Aan volwassenes (ouers, offisiere, onderwysers):
  - ♦ deur gehoorsaam te wees
  - ♦ deur behulpsaam te wees
  - ♦ deur erkentlik te wees
  - ♦ deur jou stemtoon wanneer jy met hulle praat
  - ♦ deur jou houding wanneer jy met hulle praat
2. Aan maats:
  - ♦ deur behulpsaam te wees
  - ♦ deur die wyse waarop jy hulle behandel
  - ♦ deur die manier waarop jy die vriendskap hanteer
  - ♦ deur te toon hoe getrou en opreg jy is

#### 1.3 RESPEK VIR MENSE EN HUL EIENDOM

Die sleutelgedagte hier is:

**Hanteer ander se eiendom met selfs groter sorg as jou eie eiendom.**

Die volgende gedagtes kan gebruik word om gesprekke aan te knoop:

1. Hoe respekteer ek skoolciendom?
  - ♦ die banke en stoele in die klas en saal
  - ♦ die biblioteekboeke
  - ♦ die geriewe in die kleedkamers
  - ♦ apparaat wat ten duurste aangekoop is
2. Hoe respekteer ek ons huis en sy inhoud?
  - ♦ die bank voor die televisiestel
  - ♦ die meubels in die huis
  - ♦ die eetgerei
  - ♦ die beddegoed en matrasse
3. Hoe respekteer ek my eiendom?
  - ♦ my skooltas
  - ♦ my fiets
  - ♦ my klere
  - ♦ my speelgoed
  - ♦ my elektroniese apparaat
4. Hoe behandel ek ander se eiendom waarmee ek werk of wat ek soms leen?
  - ♦ fiets
  - ♦ skoolboek
  - ♦ tennisraket
  - ♦ sportklere

#### **1.4 RESPEK VIR OPENBARE EIENDOM**

1. Hoe pas ek die volgende op?:
  - ♦ die kamers/tente waarin ek slaap tydens kampe
  - ♦ die toerusting in die spankamer
  - ♦ die kleedkamers wat ek saam met ander gebruik
  - ♦ speelparke en openbare tuine
  - ♦ padtekens en advertensieborde

#### **AANBIEDING**

1. *Hier volg nog 'n paar moontlikhede om gesprekke met die span oor die onderwerp te voer.*
  - *Watter kwaliteite verdien respek?*
  - *Hoe betoon 'n mens respek teenoor jouself, eiendom, jou medemens en jou land?*
  - *Is respek nodig? Laat die span hulle gedagtes met die offisier deel. Norme en waardes moet subtiel deurgegee word.*

- *Skep 'n prent (knip en plak uit tydskrifte) wat 'n deurmekaar kamer voorstel.*  
*Laat die span in 'n kring sit en die prent bestudeer. Laat elkeen die kamer met een sin of woord en ook die persoon wat die kamer bewoon, beskryf. Vra dan hoekom hulle die inwoner van die kamer so beskryf en lei hulle na die punt dat 'n mens se dade jou gesindheid openbaar en respek vir jou eiendom aantoon.*
  - *Laat die span na die volgende situasies luister en in elke geval besluit wie voor 'n hof gedaag kan word.*  
*Wie is almal verantwoordelik vir die gebeure?*  
*Laat elke spanlid eers vir homself besluit en dan word die situasie gesamentlik in spanverband vergelyk en bespreek.*
    - ✧ *Grieta sien 'n blinde man na die rand van 'n afgrond loop. Sy bly sit en sien hoe die blinde man oor die rand van die afgrond homself op die rotse daaronder doodval.*
    - ✧ *Johan sit in die klas en kerf/skryf 'n letter of boodskap op die bank. Rita sien hom, maar sê of doen niks daaromtrent nie.*
    - ✧ *Die prefek moet elke dag die stopteken vir motors vertoon sodat leerlinge die straat kan kruis. Hy staan en speel met ander kinders. Jy sien dit, maar stap aan en 'n kind word raakgery.*
    - ✧ *U kan self nog voorbeelde uitdink. Rig die gesprek op respek vir eiendom en medeverantwoordelikheid vir medemens en orde in 'n gemeenskap.*
  - *Stel die vraag: Hoe kry 'n mens die nodige respek van jou medemens en gee daarna die opdrag: Maak 'n lys van die kwaliteite wat respek verdien. Luister na die antwoorde en gee die nodige leiding.*
2. *Die volgende moet u as offisier ook in gedagte hou by die aanbieding van hierdie hoofstuk:*
- *U moet uself op die hoogte bring van die inhoud van die hele hoofstuk voordat dit met die spanlede behandel word.*
  - *Die inhoud van die hoofstuk is deel van 'n opvoedingsproses en kan gevolglik nie eenmalig behandel word nie, maar moet voortdurend aandag geniet soos die geleentheid hom voordoet.*
  - *Deur middel van informele gespreksvoering kan die inhoud van hierdie hoofstuk aan die spanlede oorgedra word.*
  - *Gee die kinders die geleentheid om die opdragte oor Menswees in hul werkboeke te voltooi.*

## 2 KOMMUNIKASIE

### DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie bewus te maak van die eienskappe van effektiewe kommunikasie en sy rol daarin.
2. Om die Penkop en Drawwertjie te lei tot suksesvolle openbare optrede.

### INHOUD

1. Wat is kommunikasie
  2. Verbale kommunikasie
  3. Nie-verbale kommunikasie
  4. Openbare optrede en redevoering
- 

### 2.1 WAT IS KOMMUNIKASIE?

Kommunikasie is die manier waarop ons kennis uitruil, mededelings maak, met mense verkeer, boodskappe oordra, emosies weerspieël en gevoelens uitdruk. Soos alle ander vaardighede, moet kommunikasie ook aangeleer en voortdurend ge oefen word.

#### Kommunikasie is dus:

- ♦ Praat
- ♦ Luister
- ♦ Antwoord / reageer

#### Mense kommunikeer met die:

- ♦ mond - deur te praat
- ♦ oog - deur te sien
- ♦ oor - deur te hoor
- ♦ hand - deur fisiese aanraking
- ♦ hart - deur te voel
- ♦ verstand - deur te redeneer
- ♦ liggaam - deur die regte gesindheid

#### Om goed te kommunikeer, moet jy dus:

- ♦ verstaanbaar praat
- ♦ met belangstelling luister
- ♦ intelligent antwoord

#### 'n Goeie kommunikeerder :


- ♦ sê nie, maar deel mee
- ♦ maak nie ander stil nie, maar luister na hulle
- ♦ is nie 'n vervelige alleenprater nie, maar betrek ander by die gesprek
- ♦ probeer nie mense beïndruk nie, maar luister of hulle hom verstaan.



Kommunikasie is 'n tweerigtingproses. 'n Sender en 'n ontvanger is nodig om suksesvol te kommunikeer. Kommunikasie kan op twee maniere geskied. Verbaal (spreektaal) en nie-verbaal (lyftaal).

## 2.2 VERBALE KOMMUNIKASIE

Verbale kommunikasie kan een- of tweerigting wees.



### Die voordele van persoon tot persoon kommunikasie:

- ♦ vinnig
- ♦ reaksie kan waargeneem word.
- ♦ direkte vrae kan gevra word.
- ♦ gesigsuitdrukkinge kan gebruik word.
- ♦ regstellings kan gedoen word indien nodig.

### AANBIEDING


1. Dit is wenslik dat u wyer oor hierdie onderwerp sal oplees voordat u dit aanbied.
2. Bespreek bogenoemde met die span.
3. U kan **eenrigting** kommunikasie as volg demonstree:
  - Gee aan een spanlid 'n eenvoudige lynskets
  - Gee aan die ander lede skoon papier en 'n potlood en laat hulle so sit dat hulle nie mekaar se werk kan sien nie.
  - Spanlid een sê dan stap vir stap, volgens sy prent, wat die ander moet teken sonder om byvoorbeeld 'n boom op sy naam te noem.
  - Die ander lede mag geen vrae vra nie. Hulle moet net luister en teken.
  - Sodra die prente voltooi is, word al die prente langs die oorspronklike neergesit om die verskillende interpretasies van die opdrag uit te wys.
  - Net so word gesprekke en stellings ook dikwels anders geïnterpreteer as wat die sender dit bedoel het.
4. Demonstree nou **tweerigting** kommunikasie op die volgende wyse
  - Die opstelling bly soos hier bo maar die tekenaars mag vrae vra.
  - Wanneer die prente voltooi is, word dit weer langs die oorspronklike neergesit en u sal merk dat die verskille nie meer so groot is nie omdat tweerigting kommunikasie voortdurend kon plaasvind.

- *Ons sien dus dat baie misverstande en argumente voorkom kan word deur voortydige kommunikasie.*
5. *Stuur drie lede uit die spankamer. Verduidelik aan die ander dat u hulle een vir een gaan inroep, en aan die eerste een 'n boodskap met besonderhede gaan oordra wat kind 1 dan aan kind 2 en kind 2 aan kind 3 moet oordra en dat hulle moet oplet hoe volledig die boodskap oorgedra word.*

*Dit is 'n voorbeeld van "gehoor" kommunikasie.*

### 2.3 NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE (LYFTAAL)

Nie-verbale kommunikasie is wanneer jy kan agterkom hoe 'n persoon oor 'n saak voel sonder dat hy 'n woord gepraat het. 'n Mens se gesigsuitdrukings en liggaamshoudings praat dikwels harder as sy woorde.



#### AANBIEDING

1. *Sonder om aan die span te verduidelik wat nie-verbale kommunikasie is, doen die volgende oefening.*
  - *Stuur drie van die spanlede uit. Elkeen het dieselfde geskrewe boodskap (byvoorbeeld, Jan se ma nooi ons om pannekoek te kom eet en ons moet laat weet hoe laat ons daar sal wees). Hulle dra dan een vir een die boodskap aan die groep oor.*
  - *Die groep kry nou die opdrag om persoon 1 te ignoreer, persoon 2 net onbetrokke aan te staar en om goed na persoon 3 te luister en entoesiasies te reageer.*
  - *Na die oefening kry die "boodskappers" die geleentheid om te vertel hoe hulle die groep se reaksie ervaar het.*
  - *Wys daarop dat die sender en ontvanger se houdings mekaar beïnvloed.*
2. *Kopiëer die gesiggies 'n paar keer, knip dit uit en plak dit op kaartjies so groot soos gewone speelkaarte, maak dieselfde getal kaartjies met die onderskrifte (emosies) daarop. Nou kan die kinders "snap" met die kaarte speel.*

3. Gee aan elke spanlid 'n gesiggie en laat hom die gemoedstoestand verduidelik. Hy kan ook sommer vertel van 'n geleentheid wat hy so gevoel het.
4. Stuur een lid uit met die opdrag dat hy aan iets moet dink wat hy graag vir 'n maat wil kom vertel. Reël intussen met 'n maat om gedurende die gesprek nooit na die verteller te kyk of om hom enigiets te vra nie. Laat die verteller dan inkom.  
*Dit is 'n voorbeeld van negatiewe liggaamskommunikasie.*
5. Hanteer die opdragte in die werkboek.

## 2.4 OPENBARE OPTREDE EN REDEVOERING

### OPENBARE OPTREDE

Elke mens straal aan andere 'n indruk van homself uit. Elke individu beskik oor 'n eie persoonlikheid, verstandelike vermoë en liggaamlike hoedanighede. Met hierdie gawes tot sy beskikking, tree die mense van dag tot dag op. Hoe hy dit aanwend, bepaal in 'n groot mate watter sukses hy behaal om met ander te kommunikeer. Sy optrede moet egter oortuigend en natuurlik wees om nie die indruk te wek dat hy maar net 'n rol speel nie.

Die elementêre beginsels wat by openbare optrede ter sprake kom, is onder andere hoflikheid, netheid, eerlikheid, beslistheid, presiesheid, eerbied en agting vir ander mense, flinkheid en nederigheid. Dit is altyd belangrik dat die leier in sy optrede homself sal wees.

### REDEVOERING

Vir die leier wat 'n toespraak moet lewer, of dit die eerste keer is of 'n paar keer per week, bly dit 'n geleentheid waar hy sy gedagtes, sy kennis en sy siening van 'n saak aan ander kan oordra en mense beïnvloed. Daar is vyf aspekte by die maak van 'n toespraak ter sprake: Die insameling van gegewens, die samestelling van die toespraak, die voorbereiding vir die voordrag, die lewering van die rede en daarna die evaluering.

#### 1. Die insameling van die gegewens

Die noodsaaklikheid van navorsing oor die onderwerp kan nie genoeg beklemtoon word nie. Die oomblik wanneer jy opstaan om te praat, moet jy alles van die onderwerp weet. Aanhalings en verwysings moet korrek wees aangesien daar moontlik kenners van die onderwerp in die gehoor kan wees. **'n Toespraak moet altyd vooraf volledig uitgeskryf word** of dit met behulp van notas gelewer gaan word al dan nie.

#### 2. Die samestelling van die rede of toespraak.

Nadat die nodige gegewens ingesamel is, moet die toespraak uit die volgende elemente saamgestel word:

- ✧ 'n Woord vooraf - Kennismaking met die gehoor.
- ✧ Die inleiding waarmee jy jou gehoor kan vasvang.
- ✧ Die boodskap waar jy op dié punt kan sê wat jy wil sê.
- ✧ Die slot wat 'n kernagtige samevatting van jou hoofgedagtes moet wees.

#### 3. Die voorbereiding vir die voordrag

Sodra die toespraak gereed is, moet jy jou deeglik daarvoor voorberei en jou vergewis van wat jy wil sê en waarom. Maak dan enkele kriptiese notas oor die inhoud van die toespraak om tydens die lewering daarvan te gebruik.

#### 4. Die lewering van die rede

Vir die lewering van jou toespraak, kan die volgende as riglyne geld. Sodra jy op die verhoog plaasneem, kyk na jou gehoor, soek iemand met wie jy kan praat. Rig die "woord vooraf" tot hom.

Namate jou toespraak vorder, sal jou senuagtigheid verdwyn. Staans regop, netjies, fier, want jy glo in die saak wat jy gaan stel.

Praat stadig, punktueer en praat duidelik.

### 5. Evalueer die toespraak

Niemand hou daarvan om kritiek op sy pogings te ontvang nie en u sal dus hier met groot omsigtigheid te werk moet gaan. Verduidelik dat positiewe kritiek altyd verwelkom moet word omdat dit net jou poging wil verbeter.

Let veral op na die volgende:

- ✧ voordrag van die toespraak,
- ✧ die houding
- ✧ “maniertjies” van die spreker,
- ✧ taalgebruik,
- ✧ inhoud van die toespraak en
- ✧ of dit enige impak op die luisteraars gehad het.

Sou negatiewe kommentaar nodig wees, maak seker dat u met ‘n oplossing of ‘n alternatief kom om die saak te verbeter. Selfs hier is u met opvoeding besig.

### AANBIEDING

1. *Die baie inligting wat in hierdie hoofstuk vervat is, is slegs as agtergrond en moenie in 'n lesing aan die kind oorgedra word nie.*
2. *Dit is nou 'n opvoedingsgeleentheid en nie slegs opleiding nie.*
3. *Hanteer die onderwerp deur die jaar by verskillende geleenthede soos die situasies opduik. Wys veral die kinders op hul sterk en swak punte, sodat daaraan gewerk kan word.*
4. *Om die kinders bewus te maak van die verskillende maniere van optrede kan fiktiewe situasies geskep word om hulle deur middel van rolspel die verskillende kommunikasiemetodes te laat ondervind en hanteer.*
5. *Dink self aan nog maniere om die kommunikasieboodskap oor te dra.*
6. *Groter spanne kan gevra word om kommunikasie as suksesvol of as mislukking uit te beeld. Die spanlede moet dan bepaal wat die rede vir die mislukking was.*
7. *U kan ook met amateurs 'n tuisvideo maak waar die verskillende situasies uitgebeeld word. As u offisiere gebruik, sal die spanlede dit baie geniet en terselfdertyd sal dit 'n uitstekende geesbougeleentheid vir die offisiere wees.*
8. *Redevoering*
  - *Die inligting op die vorige blad, is baie formeel. Moet dit dus nie voorlees nie want dit word slegs as agtergrond aan u gegee. Gebruik dit om aan die spanlede die nodige leiding te gee.*
  - *Moenie die skaam teruggetrokke spanlid dadelik betrek nie, maar gee hom eers kans om die nodige selfvertroue op te bou.*
  - *Gee genoeg geleentheid in die span vir optredes voordat spanlede voor 'n groter gehoor optree.*
  - *Hou die onderwerpe aan die begin maklik en feitelik en gebruik later onderwerpe wat beredeneer moet word.*
  - *Om die kampvuur in die donker sal party spanlede makliker praat as op 'n verhoog by 'n elektriese lig.*
9. *Laat die spanlede die opdragte in die werkboek voltooi.*

### 3 MUSIEK

#### DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie vertrouwd te maak met die aard en invloed van verskillende soorte musiek.
2. Om 'n positiewe gesindheid teenoor volkseie musiek by die Penkop en Drawwertjie te kweek.

#### INHOUD

1. Inleiding
  2. Wat is volkseie musiek?
  3. Die Afrikaner en sy musiekbelewenis
  4. Volksvreemde musiek
  5. Negatiewe invloed van sekere musiek
- 

#### 3.1 INLEIDING

Watter heerlike uitdaging is dit nie vir u as graad 6-offisier om met spanlede oor musiek te kan praat nie. Kinders is op dié ouderdom oor die algemeen nie baie erg oor Afrikaanse musiek nie. Daar mag enkele sanghelde wees, maar die buitelandse sangers het bepaald 'n groter aanhang.

Voordat u dus met die aanbieding begin, gooi 'n klip in die bos om te hoor wat hulle redes is hoekom hulle meer van volksvreemde musiek hou.

In die proses kan u "skietgoed" bymekaar maak om hulle argumente te weerlê. Berei u dus goed voor voordat u die taak aanpak - nie net met feite nie, maar ook met band- en video-opnames of ander hulpmiddels.

So 'n musiekprojek is geskik om op 'n wintersaand voor 'n kaggel met pannekoek en koffie af te handel.

Die inligting wat in die hoofstuk vervat is, dien slegs as agtergrond. Dit hoef dus nie alles oorgedra te word nie. Gebruik daarvan wat u kan en vul ook aan uit ander bronne. Wat u egter moet probeer bereik, is om 'n liefde te kweek vir ons volkseie musiek.

Leipoldt het 'n gedig geskrywe: hy noem dit 'n Handvol gruis en een versie lui so:

*'n Handvol gruis uit die Hantam*

*My liewe lekker Hantamwyk!*

*'n Handvol gruis en gedroogde blare*

*Waboomblare, Ghnarrabosblare*

*Arm was ek gister, en nou is ek ryk!*

Ons kultuurerfenis is nie so groot en so indrukwekkend soos die van sommige ander volke nie, maar miskien soos "'n handvol gruis" en "gedroogde blare" en nogtans maak dit die groot verskil tussen armoede en rykdom.

### 3.2 WAT IS VOLKSEIE MUSIEK?

Toe die groot Amerikaanse skrywer Mark Twain gevra is wat volkseie musiek is, het hy geantwoord:

**"A traditional song is a song that nobody ever wrote"**

As 'n mens 'n definisie kon gee sou dit so lui: Volksmusiek is musiek wat gemaak word in die breë lae van die bevolking om op 'n spontane en ongekunstelde manier uiting te gee aan die gevoelens van die oomblik.

Volksmusiek is ongekompliseerd en 'n vorm van ligte musiek in teenstelling met klassieke musiek. Terwyl klassieke musiek in beperkte kringe waardeur word, spreek volksmusiek breë massas van die volk aan.

Volksmusiek is musiek wat algemene volksbesit is.

In die ontwikkeling van hierdie eie volksmusiek het die Afrikaner een getroue bondgenoot gehad wat soms alleen die Afrikaanse volkslied beoefen en gehandhaaf het, naamlik die Kleurling, in die besonder die Slamaaier, wat deur sy groot liefde vir sang en sy aanvaarding van Afrikaans as sy moedertaal, 'n onmiskenbare bydrae tot ons volksmusiek gelewer het en nog steeds lewer.

Dit is moeilik om te bepaal wanneer hierdie sanglustige Afrikaners in hul eie volkstaal begin sing het. Daar was egter in die agtiende eeu heelwat jongmense wat met samesang, waarby hulle liederboekke gebruik het, hul ontspanning gevind het.

#### AANBIEDING

1. *Hier het u as offisier 'n groot taak. Die kinders luister en sing baie eerder Engels as Afrikaans.*
2. *Aanvaar dat u aanvanklik teenstand sal kry. Hou egter aan om gereeld in Afrikaans te laat sing of om die span na Afrikaanse musiek te laat luister.*
3. *Geleenthede hiervoor is daar baie:*
  - *Voor 'n spanbyeenkoms.*
  - *Terwyl hulle besig is met handwerk.*
  - *Op pad na 'n kamp in die voertuig.*
  - *Terwyl hulle kosmaak of pannekoek bak.*

### 3.3 DIE AFRIKANER EN SY MUSIEKBELEWENIS

Ons voorouers het eeue lank gespook en gespartel om hierdie land oop te kap en leefbaar te maak dat hulle maar min tyd vir die beoefening van musiek gehad het.

Die verse van Jan Cilliers, Totius, C L Leipoldt, A D Keet, C J Langenhoven, H A Fagan en F J Joubert het heelwat komponiste geïnspireer om musiek daarby te voeg. In 1920 is 'n hoogtepunt bereik toe M L de Villiers *Die Stem van Suid-Afrika* van Langenhoven, getoonset het.

Die Afrikaanse kunswedstryde wat in die twintigerjare, van die vorige eeu, in verskeie dele van die land georganiseer is, het die volkseie lied kragtig bevorder deurdat pryse uitgelooft is vir die toonsetting van Afrikaanse gedigte en om dit vir sangwedstryde voor te skryf.

Ons is eeue agter ander Westerse nasies en baie van ons volksliedjies is in werklikheid nie ons eie nie, maar die musiek is uit ander lande oorgeneem en Afrikaanse woorde bygevoeg. Vandag het hulle burgerreg as Suid-Afrikaanse volksliedjies, byvoorbeeld:

<i>Sarie Marais</i>	-	Elle Rhee
<i>Afrikaners is plesierig</i>	-	Duitse liedjie (Kom ein Vogel angevlogen)
<i>O die liewe Marthatjie</i>	-	Oostenrykse volksliedjie (o de liebe Augenstein)
en die bekende <i>O Boereplaas</i>	-	Duitse liedjie (Der Tannenbaum)

Daar is wel baie ander Afrikaanse volksliedjies waar sowel die woorde as die musiek van die liedjie ons eie is.

Die eerste komponis van Suid-Afrikaanse popmusiek en van wie 10,000 plate verkoop is, was Chris Blynn: Sy *Stellenbosch roep my* is eg Suid-Afrikaans, maar *Ou Ryperd* is gebaseer op 'n ou liedjie uit Texas.

In die loop van die vorige eeu het daar heelwat Afrikaanssprekendes ontpop as goeie komponiste en die bekendste hiervan is S le Roux Marais, 'n man wat lank in die Vrystaat skoolgehou het, onder andere in Bloemfontein, Ficksburg en Wepener. Van al sy werke is *Heimwee* soos gesing deur Mimi Coertze, seker van die bekendste.

Volgens musiekkenners soos Dirkie de Villiers, is daar twee komponiste wie se name oor 50 jaar nog onthou sal word, naamlik Koos du Plessis en Anton Goosen.

Die ware volksliedjie kan nie uitsterf nie, omdat dit 'n element bevat wat duursaam en tydloos is.

Elkeen wat gehelp het om vir 'n jong kind van ons volk 'n hoeveelheid Afrikaanse liedere saam te gee vir die lewenspad, het aan hom onvervreembare rykdom besorg.

*'n Handvol gruis en gedroogde blare,  
Maak my, wat arm is, skat, skatryk!!*

#### AANBIEDING

*Speel musiekbande van byvoorbeeld Sonja Heroldt, Laurika Rauch, Randall Wicomb, Danie Botha en die Kaapse Klopse.*

### 3.4 VOLKSVREEMDE MUSIEK

Volksvreemde musiek is musiek wat nie eie is aan die Afrikaner se kultuur nie, soos byvoorbeeld:

#### OOSTERSE MUSIEK

- ♦ Die wysie en ritme is totaal anders as dit waaraan ons gewoon is.
- ♦ Die musiekinstrumente verskil heeltemal van dié van die Afrikaner.
- ♦ Die woorde is totaal onbekend.

#### MUSIEK VAN DIE SWART STAMME

- ♦ Die ritme verskil.
- ♦ Die instrumente verskil.
- ♦ Dit waaroor hulle sing en wat hulle beleef, is nie eie aan die Afrikaner nie.

#### "ONDERGRONDSE" OF "HEAVY METAL" MUSIEK

- ♦ Hierdie musiek is 'n oorverdowende lawaai wat nie werklik tot iemand spreek nie.
- ♦ Die musiekvorm het in die buiteland ontstaan en word deur sekere groepe aanvaar bloot omdat dit daarvandaan oorgewaaai het.

#### "COUNTRY" MUSIEK

Country musiek het ook in die buiteland ontstaan, maar aangesien daar heelwat ooreenkomste is tussen daardie plattelandse leefwyse en dié van die Afrikaner, word die musiek hier baie gunstig ervaar en het dit selfs liedjieskrywers beïnvloed om Afrikaanse liedjies in dié styl te skryf.

Volksvreemde musiek is dus nie altyd musiek met negatiewe invloed nie, want dit kan 'n bydrae lewer tot die verryking van ons eie musiek. Die kind moet egter besef dat ander se skeppings nie noodwendig altyd beter is nie en dat goeie volksvreemde musiek ook geniet kan word sonder om jou eie te versmaai.

### 3.5 NEGATIEWE INVLOED VAN SOMMIGE MUSIEK

Ons kan baie lank oor die saak uitwy, omdat mense baie oor die aspek van die negatiewe invloed van sekere musiek, van mekaar verskil. Dit help dus nie om in 'n argument oor die saak betrokke te raak nie.

Die volgende aspekte is hier ter sprake:

#### DIE OORVERDOWENDE LAWAAI

Sommige sogenaamde musiek maak so 'n oorverdowende lawaai, het nie eintlik ritme nie en besing ook nie iets of iemand nie. Die gevaar van hierdie tipe musiek is dat dit 'n mens se denke afstomp, hom totaal willoos laat en vir iemand met duistere motiewe 'n maklike prooi maak.

#### DIE WOORDE

Die woorde van sommige liedjies klink met die eerste oogopslag onskuldig, maar as jy mooi daarna luister, kan jy agterkom dat dit in baie gevalle godslasterlik is en dat van die sangers daarop roem dat hulle ateïste is en dit as 'n prestasie beskou.

#### NORME EN WAARDES

Daar is liedjies waarvan die woorde mense aanspoor om dinge te doen, of te aanvaar wat geheel en al in stryd is met die Christelike norme en waardes wat deur die Afrikanervolk gehuldig word.

#### KULTUSSE

Daar is kultusse en sogenaamde godsdienstige groepe wat musiek gebruik om mense te indoktrineer om hulle onheilghede aan te hang.

#### AANBIEDING

1. *Waarsku die kinders teen die gevaar om net na die musiek te luister en nie na die woorde ook nie. As die musiek eers 'n houvas op jou het, volg die woorde baie maklik.*
2. *Dit is u taak om die gevare uit te wys, wat nie altyd maklik is nie. 'n Musiekbelewenis saam met ander is egter 'n wonderlike geleentheid om groepsgees te bou. Dit sal dan makliker wees om oor die diepere dinge met hulle te praat.*
3. *Beplan 'n geleentheid waar u en die span rustig kan verkeer en waar tyd nie 'n faktor is nie. Dit kan só aangepak word:*
  - ✧ *Begin die aand deur 'n liedjie van Koos Kombuis voor te speel en net daarna een van Randall Wicomb. Beklemtoon die kontras tussen die twee liedjies, hoewel albei op Afrikaanse bodem geskep is.*
  - ✧ *Praat oor die inhoud van hierdie hoofstuk.*
  - ✧ *Hou 'n verskeidenheid Afrikaanse musiek van S le Roux Marais tot by Lukas Maree byderhand. Daar kan ook weekliks by spanbyeenkomste Afrikaanse liedjies voorgespeel word.*
  - ✧ *Bekom die woorde van 'n aantal liedjies wat die spanlede kan saamsing.*
  - ✧ *Gee aan die spanlede kans om ook Afrikaanse liedjies waarvan hulle hou voor te speel en laat hulle motiveer waarom dit juis hulle keuse is.*
  - ✧ *Stel 'n bundel saam van ongeveer 10 nuwe liedjies uit die baie waarna hulle geluister het en laat hulle dit aanleer en saamsing.*
  - ✧ *Laat die spanlede die taak in die werkboek voltooi.*



## 4 GROEPSDRUK

### DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie te lei tot die herkenning en positiewe hantering van groepsdruk

---

Kinders van die ouderdomsgroep waarmee u werk, is soms baie gevoelig as hulle nie in 'n groep aanvaar word nie en sal wonderlike dinge aanvang om net deel van die groep te wees. Dit moet beklemtoon word dat dit nie 'n skande is om nie met die stroom saam te gaan nie, veral as jy weet dat jy reg is. Vriende en die populêre kind op skool probeer soms om diegene met 'n swak wil te manipuleer. Die druk op seuns en dogters verskil namate hulle groter word, maar daar is tog heelwat ooreenkomste, soos die volgende:

- ♦ Kleredragmaak
- ♦ Musieksmaak
- ♦ Houdings teenoor verenigings en organisasies
- ♦ Die keuse van vriende
- ♦ Wat reg en verkeerd is.

### AANBIEDING

1. *Probeer om, hoe moeilik dit ookal is, die kind te oortuig dat daar sekere norme en waardes is waarvolgens sy lewe gerig moet word en dat hy daarby moet hou al staan hy alleen in die oortuiging dat hy nie verkeerd is nie.*
2. *Vra aan die span:*
  - ✧ *hoekom hulle denims dra*
  - ✧ *hoekom hulle nie van volksdanse / volkspele hou nie*
3. *Die reaksie sal moontlik wees:*
  - ✧ *omdat almal dit dra en*
  - ✧ *ander sal vir my lag.*

*Uit gesprekke met die spanlede kan u voorbeelde vind aan die hand waarvan u kan verduidelik dat 'n mens soms dinge doen wat hy nie wou nie, maar dit wel doen omdat die groep dit van hom verwag.*

4. *Laat die spanlede twee van die onderstaande voorbeelde bespreek en kyk hoe hulle reageer.*
  - ✧ *Jou ouers is uit vir die aand. Jou vriende daag op en sê dat hulle in jou ouerhuis wil dans en musiek maak omdat hulle ouers dit nie wil toelaat nie. Jy sê eers nee omdat jou ma nie wil hê dat daar op die matte gedans word nie. Hulle is ontevrede omdat jy nie 'n ware vriend is nie en sê dat hulle niks met jou te doen wil hê nie. Wat gaan jy doen? Jy het juis nie baie ander vriende nie.*
  - ✧ *Julle is net vyf Voortrekkers in julle klas. Julle het lank gelede reeds 'n spankamp vir die naweek beplan. Die klas besluit egter Woensdag dat hulle Vrydag 'n klasbraai wil hou. Wat gaan julle doen?*
  - ✧ *Jou drie beste vriende is nie lede van Die Voortrekkers nie en hul torring aan jou om die outydse beweging te los en saam met hulle na die klub vir videospelletjies te gaan op dieselfde tyd as wat jy 'n spanbyeenkoms het. Wat staan jou te doen?*
5. *Die opdragte in die werkboek moet onder u leiding voltooi word sodat u kan verseker dat hulle die werk verstaan.*

## EK IN MY OMGEWING

### 1 SELFBEHOUD

#### DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie leiding te gee ten opsigte van die noodsaaklikheid van behoudende morele standaarde asook die handhawing daarvan.

#### INHOUD

1. Wat is morele standaarde?
2. Aanslag op morele standaarde.
3. Handhawing van morele standaarde.
4. Stres (spanning)

---

**Verwys tydens die hantering van al hierdie onderwerpe na die invloed wat groepsdruk op keuses kan uitoefen.**

#### 1.1 WAT IS MORELE STANDAARDE?

Morele standaarde is die siening van wat goed en sleg is, met ander woorde die maatstawwe wat toegepas word om 'n mens se optrede en handeling te bepaal.

Geen mens is neutraal nie. Elke mens (elke volk) is gebind aan 'n lewens- en wêreldbeskouing. Die beskouing bepaal jou standpunt teenoor die alledaagse lewe. Daar bestaan 'n groot verskeidenheid lewensbeskouinge wat drasties van mekaar kan verskil.

*Die Voortrekkers* as kultuurbeweging van die Afrikanervolk word gerig deur 'n Bybels-Christelike lewens- en wêreldbeskouing. Dit is vervat in die Wese van *Die Voortrekkers*. Ons aanvaar daarom die voorskrifte van die Bybel as enigste bron van gesag. Die Bybel vorm absoluut die grondslag van die maatstawwe van morele standaarde en dit mag nooit deur persoonlike willekeur bepaal word nie.

#### 1.2 AANSLAG OP MORELE STANDAARDE

##### Neiging tot kompromis

Die grootste aanslag is sekerlik die toenemende neiging tot 'n kompromis (afwatering van ons beginsels en norme) en selfs tekens van ontrouheid en afvalligheid.

#### AANBIEDING

*Bespreek hier die veranderende siening van byvoorbeeld Sondagsport, fliëks en inkopies doen op 'n Sondag om bogenoemde te illustreer.*

#### Die seksuele revolusie

God het die man en vrou geskape (Gen 1: 27 - 28). Hy het dit dus so bestem. Dit is Sy wil dat daar twee geslagte moet wees wat mekaar moet aanvul. Seksualiteit is deur God daargestel maar nooit met die bedoeling dat dit tot dierlike instinkte, wat bevredig moet word, verlaag moet word nie.

Deur middel van die televisie en sekere films word daar lank reeds pogings aangewend om ons Christelike instellings so te vervlak of te "verdierlik" dat dit vir 'n persoon baie moeilik is om nog oor die saak standpunt in te neem. Die jongmense wil nie graag as outyds bestempel word nie en verkies daarom om met die stroom saam te beweeg, al is dit nie wat hulle geleer is nie.

**AANBIEDING**

1. *Hierdie aspek moet baie versigtig gehanteer word en sal baie afhang van die aard van die span waarmee u te doen het. Die kinders in graad 6 is wel jonk, maar kom met hierdie sake in aanraking en het leiding nodig.*
2. *As u as offisier nie hierdie aspek self kan hanteer nie, gebruik dan 'n kundige. Dit is ook nodig dat die ouers se verlof verkry word om oor die saak te praat, want almal is dit nie eens daaroor nie.*
3. *Dit is ook raadsaam dat die onderwerp op 'n geskikte geleentheid hanteer word en nie noodwendig soos op die jaarprogram aangedui nie. U moet gedurig op die uitkyk wees vir 'n geskikte geleentheid. Die Bybel is 'n baie goeie "naslaanbron", asook "Treffer Tiener", "Tieners gereed vir môre" en "Tiener in die kol" en ander boekies wat by Lux Verbi beskikbaar is.*

**Die gesinslewe**

Onmin in gesinne, egskeidings, rusies, ongehoorsaamheid, beledigings teenoor ouers en kindermishandeling is meestal sake wat 'n gesin verbrokkel. Die gesin is 'n instelling van God en 'n eenheid waarin 'n groepie mense gebind word deur bande van liefde en bloed. Daar is magte wat hierdie eenheid wil verbreek. As 'n kind ankerloos is, kan hy maklik deur die stroom meegesleur word.

**AANBIEDING**

*Beklemtoon die waarde van die gesin. Laat die spanlede oor hulle gesinne praat. Dit bied die geleentheid om fyn waar te neem en sodoende kan u bepaal watter probleme u en die span kan probeer oplos of waar daar 'n verskuilde hartseer is wat u kan help verlig.*

**Kleredrag en voorkoms**

Die belangrikste uitgangspunt ten opsigte van kleredrag en voorkoms moet die handhawing van die eer van God wees en dan moet daar met die volgende riglyne rekening gehou word:

- ♦ Die beginsels wat God in Sy Woord aan ons gee.
- ♦ Ons naaste se welsyn (Mat 22:39, Rom 14:13-21, 1 Kor 8:1-13). Ons kleredrag mag nooit so wees dat dit vir ons naaste 'n versoeking of 'n bron van struikeling is nie.
- ♦ Ons eie welsyn
  - ✧ Kleredrag beskerm ons liggaam
  - ✧ Kleredrag is nodig vir die beskerming van kuisheid
  - ✧ Kleredrag dien as versiering. Daar moet egter gewaak word teen:
    - ⇒ die gevaar van ydelheid
    - ⇒ die gevaar van slordigheid, want die liggaam is 'n tempel van God.

Dit is só dat elkeen se kleredrag iets van sy karakter verraa. 'n Christen se kleredrag moet altyd 'n suiwer beeld wees van ons aard as verlore mense.

Dit beteken nie dat ons nie die modes mag navolg nie. Die mode wat ons volg, moet egter voldoen aan die Christelike norme. 'n Mens kan dus byderwets aantrek sonder om die norme wat in die Bybel gestel word, oorboord te gooi.

**AANBIEDING**

1. *Met min beplanning kan hierdie aspek baie aanskoulik en treffend aangebied word. Die span kan byvoorbeeld soos volg aantrek en modeparade hou:*
  - *een wat uitlokkend aantrek*

- een met kleredrag vir die strand
  - een wat totaal "oorversier" is
  - een wat smaakvol aangetrek is
  - een wat baie slordig is
  - een wat soos die ander geslag aangetrek is
  - een wat totaal oudmodies is
  - een wat totaal modern is
2. Gee nou geleentheid vir elke model om te sê hoe hulle voel oor hul kleredrag en gee aan die ander die geleentheid om te sê hoe hulle die verskillende situasies ervaar.
  3. Die spanlede kan ook sê wat hulle dink wat die ander geslag van hulle sal sê en dan ook wat hulle dink God van hulle sou sê.

### Musiek en vermaak

- ♦ Met die moderne tegnologie het die mens vir homself heelwat vermaak geskep. Dit is egter tragies dat min hedendaagse kinders hulself en ander kan vermaak. Daar word heel dikwels op openbare vermaaklikheid teruggeval. Vermaak is om jou besig te hou met iets wat vir jou aangenaam is. Vra die spanlede hoe hulle hul vrye tyd bestee.
- ♦ Wat hier baie aandag moet kry, is die feit dat iemand nie altyd saam met die stroom hoef te gaan nie en dat dit soms reg is om nee te sê en alleen te staan, byvoorbeeld vir 'n onweloweglike video, vir drank en dwelms, vir verkeerde optredes.
- ♦ Musiek, kuns en vermaak is die belangrikste instrumente wat gebruik word om morele standaarde en sedes te verlaag.
- ♦ Voorbeelde hiervan is onder andere die godslasterlike woorde van sommige liedjies, die gevloek op 'n verhoog tydens 'n toneelstuk, bizarre tekeninge, foto's en skilderye (selfs poskaarte) wat vir die publiek en dus ook vir die jeug vryelik beskikbaar is en tydskrifte wat deur almal gekoop en gelees kan word wat artikels, foto's en briewe bevat wat liewers nie gepubliseer moes gewees het nie.

### AANBIEDING

Die onderwerp kan op die volgende wyse aangeroe word.

1. Vra die span na watter liedjies hulle graag luister.
2. Stel vas of hulle die woorde ken en die boodskap verstaan wat die liedjie wil oordra.
3. Reël 'n liedjie-aand en luister saam na die spanlede se musiekeuses. In die handel is boeke beskikbaar, veral by Christelike Boekhandelaars oor Poptiedjies en hul invloed. U kan moontlik 'n "verkeerde" popliedjie bekom om die gevaar uit te wys.
4. Stel vas hoeveel spanlede graag na Afrikaanse musiek luister en vra hulle waarom hulle daarna luister of nie luister nie.
5. Wys daarop dat om jou eie te versak reeds 'n vorm van afwatering van eie standaarde en norme is.

### 1.3 HANDHAWING VAN MORELE STANDAARDE

Ons leef in 'n snel veranderende wêreld. Selfs ons eie land verander teen 'n geweldige tempo. Dit kan op twee maniere ervaar word.

### Tradisionalisme

Hier is dit 'n geval waar 'n persoon niks wil verander nie. Hy staan dus met sy gesig na die verlede en met sy rug na die toekoms. Tradisie is nie nadelig nie, want dit is immers die grondslag van veranderinge. Tradisiegebondenheid is ook 'n anker vir die toekoms. Tradisie kan ook gesien word as vaste gewoontes en dit is ook nie noodwendig sleg nie. Om kerk toe te gaan uit gewoonte of tradisie, is minstens 'n goeie gewoonte.

### Progressionisme

Hier is dit 'n geval waar 'n persoon alles verander en dan soms net ter wille van verandering en nie noodwendig ter wille van verbetering nie. So 'n persoon wil niks van die verlede weet of onthou nie.

Wat u hier moet tuisbring, is die volgende:

Ons gebruike en gewoontes van die verlede is gebaseer op die Bybel. Al voel sommige dat reëls, norme en gebruike outyds is, beteken dit nie noodwendig dat dit summier verwerp moet word nie, byvoorbeeld die stelling "Ag, ma is outyds" wat so dikwels gehoor word.

Gesprekke op geleë tye met spanlede kan hierdie waarhede by hulle tuisbring. Dit moet ook nie slegs eenmalig geskied nie, maar elke geleentheid wat opduik, moet benut word. Dit is die opvoedings- en vormingswerk waarmee 'n offisier besig is.

Nadat die inligting met die span bespreek is, kan die verskillende situasies (gevallestudies) wat in die werkboek gestel is, gebruik word vir spanbesprekings om vas te stel hoe die jeuglid op die verskillende gebeure reageer. Leiding moet gegee word waar daar nog misgetas word.

## 1.4 STRES (SPANNING)

Hierdie is nie 'n les wat vir die span aangebied kan word nie, maar handel eerder oor hoe u die span hanteer. U moet luister en spanlede uitnooi om te praat oor dinge wat pla.

Stres is 'n bykomende eis wat aan die liggaam gestel word. Die mens reageer net soos 'n dier op stres. Daar word tydens die druk wat stres meebring ekstra hormone deur die liggaam afgeskei wat die persoon in staat stel om te veg of te vlug.

Die natuurlike reaksies soos hierbo genoem kan by die kind verskillende vorms aanneem, soos byvoorbeeld die ontstaan van hoofpyn, maagpyn en ander siektetoestande. Daar is 'n verskeidenheid oorsake van stres by kinders:

1. Mishandeling, nie net fisies nie, maar hoofsaaklik geestelik, byvoorbeeld:
  - ♦ verwerping deur ouers
  - ♦ isolasie deur ouers
  - ♦ terrorisering deur ouers
  - ♦ ignorering deur ouers.
2. Gesinsonvolledigheid/gebrek aan gehegtheid en liefde.
3. Ongewenste inligting waarmee die media die kind bombardeer en wat hom onseker laat voel en verward en bevrees maak.
4. Die skoolsituasie onder andere swak verhouding met die onderwyser, kwaai druk om te presteer, ongesonde kompetisie, onregverdig vergelykings.

Die volgende is 'n lys van moontlike bydraende faktore tot stres.

- ✧ Een van die ouers sterf
- ✧ Die ouers skei
- ✧ Hy druip 'n standerd
- ✧ Hy word deur 'n ouer geslaan
- ✧ Finansiële probleme
- ✧ Hy word deur iemand verwerp
- ✧ Hy word onder druk geplaas
- ✧ Hy voel hy is niks werd nie
- ✧ Hy voel bekommerd oor sy voorkoms
- ✧ Hy misluk in alles wat hy aanpak
- ✧ Hy beleef 'n onaangename seksuele ervaring

### **Hoe reageer die kind op stres?**

- ✧ Hy is aggressief en is bakleierig
- ✧ Hy beseer homself - byvoorbeeld selfmoord, gebruik dwelms, gevaarlike spele
- ✧ Hy hou dit vir homself en onttrek hom aan die samelewing
- ✧ Hy ontwikkel siektes soos hart-, maag- en asemhalingsprobleme
- ✧ Hy ondervind slaapprobleme
- ✧ Senuweeagtige laggie, senutrekkings
- ✧ Hy begin hakkel, op sy tande kners, naels byt, bed natmaak, leuens vertel, feite verdraai

### **Wat kan hieraan gedoen word?**

Die kind wat stres die maklikste kan hanteer, is dié kind met selfvertroue. Ons taak is dus dat hy so gevorm moet word dat hy 'n goeie selfbeeld het en selfvertroue kan ontwikkel. 'n Paar eienskappe van 'n gebalanseerde kind is:

- ✧ Goeie selfbeeld
- ✧ Spontaniteit
- ✧ Aktief en energiek
- ✧ Gelukkig
- ✧ Vindingryk
- ✧ Bedagsaam
- ✧ Waag dinge as dit nodig is
- ✧ Verantwoordelike optrede
- ✧ 'n Gevoelsmens - Sensitief vir ander se gevoelens en behoeftes
- ✧ Kan doelwitte vir homself skep
- ✧ 'n Goeie sin vir humor
- ✧ Soek hulp wanneer hy dit nodig het
- ✧ Erken sy foute

Bespreek bogenoemde met die spanlede.

**Die kind wat maklik deur stres oorval word, is iemand wat:**

- ✧ Skaam en teruggetrokke is
- ✧ Buierig en geïrriteerd is
- ✧ Dikwels siek is
- ✧ Baie afhanklik is
- ✧ Moeilik vriende maak
- ✧ Altyd op die verdediging is
- ✧ Ongeduldig en hardkoppig is
- ✧ Nie samewerking gee nie
- ✧ Negatief ingestel is
- ✧ Maklik kwaad word

**Hoe kan stres by kinders hanteer word?**

- ✧ Moedig die kind aan om te praat oor dit wat hom hinder en luister met aandag.
- ✧ As hy nie wil praat nie, laat hom skryf.
- ✧ Moedig hom aan om 'n stokperdjie te beoefen.
- ✧ Moedig hom aan om aan sport deel te neem.
- ✧ Maak vriende met ander.
- ✧ Skep 'n veilige, gerusstellende omgewing.
- ✧ Gee die kind 'n besef van eiewaarde.
- ✧ Tree konsekwent op want dit gee sekerheid.
- ✧ Wees eerlik en opreg.

**AANBIEDING**

1. *Bring uself op die hoogte van die inhoud van die hele hoofstuk voordat u dit behandel. Raadpleeg ook ander lektuur oor die onderwerp.*
2. *Behandel die gevallestudies in die werkboek soos u vorder.*
3. *Dit is belangrik dat die kind weet wat morele standarde is asook die noodsaaklikheid en nut van sulke standarde.*
4. *Maak die span bewus van die aanslae wat gemaak word op morele standarde. Lê veral klem op die dinge wat hulle ervaar en beleef.*
5. *Daarna kan u leiding gee oor hoe om morele standarde te handhaaf. U kan 'n besprekingsessie daarvoor aanwend.*
6. *Indien u nie opgewasse voel vir die taak nie, kry 'n deskundige, byvoorbeeld 'n predikant, om dit met die span te behandel.*
7. *Wat stres betref, behandel slegs "die eienskappe van 'n gebalanseerde kind". Laat elkeen sê hoe hy gaan probeer om die minder goeie eienskappe te verbeter.*

## 2 NOODHULP

### DOEL

1. Om die Penkop en Drawwetjie op te lei in die toepassing van praktiese noodhulp ten opsigte van die onderstaande.
2. Om die Penkop en Drawwetjie te leer om die pasiënt emosioneel te ondersteun.

### INHOUD

1. Bloedstelping
2. Beenbreuke
3. Voorwerpe in neus, oor en oog
4. Floute
5. Verstikking
6. Vergiftiging
7. Drametodes
8. Makkerhulp - emosionele ondersteuning

---

Dit is beter om te voorkom dat iemand seerkry. Daarom moet elkeen oplettend wees wanneer hy tussen tente deurloop, sodat daar nie oor 'n tentpen of tenttoue geval word nie. Ry versigtig met fietse, veral om draaie, sodat 'n mens nie val nie. Moenie met vuur speel nie, anders kan 'n mens brand. Leer om goed te kan swem, want dan is die kans om te verdrink baie minder.

Indien daar wel 'n ongeluk plaasvind, moet elkeen weet wat om te doen. Dit is wat noodhulp beteken: om te help wanneer daar nood is. Onthou! 'n Voortrekker is diensvaardig.

Dit is raadsaam om by die Noodhulpliga aan te sluit en sodoende alles van noodhulp te leer. As dit nie moontlik is nie, kan die span gerus werk vir die Redding Spesialisasie. So kan baie meer geleer word as wat by spanbyeenkomste moontlik is.

### 2.1 BLOEDSTELPING

Die woord bloedstelping beteken maar net om bloeding te stop. Die bloeding kan wel ernstig wees as 'n aar of slagaar beskadig word. Dit is belangrik om dadelik die bloeding te stelp (stop) maar net so belangrik om te onthou om versigtig te wees wanneer met bloed gewerk word. Ons hoor almal van VIGS en daarom is dit nodig om so min moontlik met iemand anders se bloed in aanraking te kom. Vir veiligheid is dit raadsaam om rubber handskoene of 'n plastieksak oor jou hand te gebruik.

#### Behandeling:

- ♦ Gebruik 'n drukkussing, byvoorbeeld 'n skoon sakdoek, vou dit driedubbel en plaas dit op die wond. Druk dit stewig met die hand vas totdat die wond nie meer bloei nie. Die drukkussing kan ook vasgebind word.
- ♦ Lig die wond hoër as die hart. As die wond byvoorbeeld aan die hand is en die pasiënt in 'n sittende posisie is, laat hy sy hand op sy skouer plaas sodat die besering hoër as sy hart is. As die wond aan die voet of been is, moet hy lê en iets onder sy voete plaas sodat die been opgelig is.
- ♦ Nadat die pasiënt versorg is, moet die noodhelper sy hande deeglik met seep en water of in 'n ontsmettingsmiddel was.



## 2.2 BEENBREUKE

Wanneer iemand skeef trap of val en sy been of arm onnatuurlik skeef is en opswel, kan aanvaar word dat die been of arm moontlik gebreek is. In so 'n geval moet die liggaamsdeel so stil moontlik gehou word.

### Behandeling:

- ♦ Laat die pasiënt lê met die beseerde liggaamsdeel in 'n gemaklike posisie en immobiliseer die ledemaat deur dit teen 'n bedekte spalk vas te maak. Bevestig die spalk deur dit bokant en onderkant die breuk vas te maak.
- ♦ Indien die pasiënt koud kry, maak hom liggies toe. As hy warm kry, sorg vir koelte of waai hom koud. 'n Pasiënt met 'n fraktuur ly gewoonlik aan skok en sal dan koud kry namate die skok toeneem.
- ♦ Stel die pasiënt gerus en kry so gou moontlik hulp.
- ♦ Moenie die pasiënt self probeer vervoer nie. Dit kan meer kwaad as goed doen.

## 2.3 VOORWERPE IN DIE NEUS, OOR EN OOG

### Iets in die neus

#### Behandeling:

- ♦ Druk die oop neusgat toe, trek diep asem deur die mond in en blaas deur die neusgat waarin die voorwerp is.
- ♦ Indien die voorwerp nie uitkom nie, neem die pasiënt na 'n dokter toe.

### Iets in die oor

#### Behandeling:

- ♦ Moenie self die voorwerp uit die oor probeer haal nie!
- ♦ Gaan dadelik na 'n dokter.

### Iets in die oog

#### Behandeling:

- ♦ Moenie self die voorwerp uit die oog probeer haal nie!
- ♦ Hou die pasiënt stil.
- ♦ Bedek die oog met 'n ronde wonddekking, byvoorbeeld 'n stukkie gaas of 'n skoon sakdoek. Laat die pasiënt die dekking vashou of plak dit oorkruis met kleefband vas.
- ♦ Neem dadelik die pasiënt na iemand wat kan help.

## 2.4 FLOUTE

Wanneer iemand skielik inmekaar sak, moet daar opgetree word soos hieronder aangedui.

### Behandeling:

- ♦ Laat lê die pasiënt met sy voete ± 30 cm opgelig.
- ♦ Die kop moet laer as die voete lê sodat die bloed weer na die brein terugvloei.
- ♦ Maak stywe klere los sodat hy goed kan asemhaal.
- ♦ Vra die omstanders om terug te staan sodat die pasiënt baie vars lug kan kry.
- ♦ As die pasiënt bewusteloos is, maar normaal asemhaal, laat hom in die herstelposisie lê.
- ♦ Moenie vir die pasiënt enigiets deur die mond ingee voordat hy sy bewussyn ten volle herwin het nie.

## 2.5 VERSTIKKING

As iemand verstik, sal hy waarskynlik met albei hande na sy keel gryp. Die voorwerp in die keel keer dat die ingeasemde lug die longe bereik. Di voorwerp moet so gou moontlik verwyder word sodat die persoon normaal kan asemhaal.

### Behandeling:

- ♦ Voel in die pasiënt se mond met jou vinger vir 'n voorwerp in die lugweë.
- ♦ Moedig die persoon aan om te hoes.
- ♦ Laat die pasiënt oor jou skoot hang met sy kop na onder en gee hom 'n paar harde houe tussen die skouerblaaie.
- ♦ Indien niks gebeur nie, gaan soos volg te werk:
  - ✧ Staan agter die pasiënt.
  - ✧ Plaas jou arms om die pasiënt se lyf, maak een hand in 'n vuis en laat die duimkant van die hand op die middelrif net bokant die pasiënt se naeltjie rus.
- ♦ Vat jou vuis met die ander hand vas en ruk vinnig opwaarts.
- ♦ Hierdie prosedure kan herhaal word totdat die voorwerp uitkom of die pasiënt sy bewussyn verloor.
- ♦ Kry dringend mediese hulp

## 2.6 VERGIFTIGING

Gifstowwe kan op verskeie maniere in die liggaam kom:

- ♦ Deur die mond: Met eetgoed of drinkgoed.
- ♦ Huishoudelike of nywerheids-gasse, chemiese walms en dampe van vure, gasstowe en die uitlaatstelsels van motorenjins wat ingeasem word.
- ♦ Deur middel van bite van sommige diere, insekte, giftige reptiele of deur middel van 'n spuitnaald.
- ♦ Absorbering deur die vel weens kontak met giftige spuitmiddels soos plaag- en insekdoders.

### Behandeling:

- ♦ Indien die pasiënt by sy bewussyn is, stel vas wat gebeur het en hou in gedagte dat hy te eniger tyd bewusteloos kan raak.
- ♦ Moet nooit die pasiënt laat braak nie, want dit kan die situasie vererger.
- ♦ Probeer die gifstof identifiseer en behou braaksel, klere of urine, wat dit moontlik kan maak om die gifstof te identifiseer. Indien die gifstof beskikbaar is, moet dit na die hospitaal saamgeneem word.
- ♦ Verwyder onmiddellik die gifstof by die pasiënt of verwyder die pasiënt uit die omgewing daarvan.
- ♦ Was die pasiënt met seep en water indien nodig.
- ♦ Verwyder alle kledingstukke wat met die gif in aanraking was.
- ♦ Indien die oë aangetas is, hou die ooglede oop en spoel die oë deeglik met kraanwater uit.
- ♦ Plaas die pasiënt in die herstelposisie (laat hom plat lê, die voete gelig en die kop effens laer en na die kant gedraai).
- ♦ Stuur onmiddellik iemand om hulp te kry. Sorg dat die noodhulpboodskap duidelik oorgedra word. Indien daar niemand is om te stuur nie, skreeu om hulp net so hard as wat jy kan.

## 2.7 DRAMETODES

### Liggaamshouding van draer:

Die draer se liggaamshouding moet altyd so wees dat hy die maksimum gewig kan optel sonder om homself te beseer.

Wanneer 'n noodhelper iemand moet dra, is die volgende veral van belang:

- ✧ Die rug moet regop gehou word.
- ✧ Buig die bene laag genoeg sodat die rug nie hoef te buig nie.
- ✧ Gebruik die krag van jou dyspiere om die pasiënt op te tel.
- ✧ Moet nooit probeer om 'n pasiënt te dra wat te swaar is nie.

### Vervoer van die pasiënt sonder 'n draagbaar

'n Pasiënt kan op die volgende maniere vervoer word.

#### Eendraervervoer - Abba

- ✧ Die pasiënt staan effens wydsbeen, die helper kniel voor hom en stoot sy een been, effens na agter, tussen die voete van die pasiënt in.
- ✧ Die helper trek die pasiënt op sy rug en stoot homself met die krag van sy bene orent met sy arms om die pasiënt se bene gehaak.
- ✧ Die helper sluit sy vingers voor op sy maag in 'n gemaklike greep.

#### Tweedraervervoer

Twee helpers kan enige van die volgende metodes gebruik om 'n pasiënt te vervoer.

Die helpers moet met die binnevoete tegelyk afstap om die pasiënt nie te laat skud nie.

#### Tweehandsitplek

- ✧ Die helpers neem aan beide kante van die pasiënt posisie in, terwyl laasgenoemde ondersteun word.
- ✧ Die helpers vat mekaar se gewrigte in 'n stewige greep, buig af en laat die pasiënt op hul voorarms sit.
- ✧ Die pasiënt se rug word deur die helpers se ander arms wat op dieselfde wyse stewig vasgevat is, ondersteun.
- ✧ Die pasiënt kan homself ook steun deur om die helpers se skouers vas te hou as hy by sy bewussyn is.

#### Driehandsitplek

- ✧ By hierdie metode is een hand van die twee helpers vry om 'n beseerde ledemaat te ondersteun.
- ✧ Die twee helpers vat hul gewrigte stewig vas soos in die illustrasie in die werkboek aangedui.
- ✧ Die helpers buk af en laat die pasiënt op die handsitplek sit.
- ✧ Die beseerde liggaamsdeel word met die los hand van die een helper ondersteun.

#### Vierhandsitplek

- ✧ Hierdie drametode word gebruik slegs as die pasiënt by sy bewussyn is. Dit word soos volg gedoen:
- ✧ Die helpers neem mekaar se gewrigte stewig vas soos in die illustrasie in die werkboek aangedui.
- ✧ Hulle buk af en laat die pasiënt op die handsitplek sit terwyl hy homself ondersteun deur die helpers om die skouers vas te hou.

## Sketse van die drametodes is in die werkboek

### Slegs met herhaalde oefening word paraatheid bereik.

#### 2.8 MAKKERHULP - EMOSIONELE ONDERSTEUNING.

'n Maat wat hulp nodig het, kan op die volgende maniere emosionel ondersteun word:

- ♦ Verneem eerstens by die pasiënt wat gebeur het.
- ♦ Bly kalm! Stel die pasiënt gerus en bemoedig hom. Praat met hom oor enigiets wat sy aandag van die noodsituasie sal aflei.
- ♦ Plaas die pasiënt in die gemaklikste posisie wat moontlik is.
- ♦ Bly by die pasiënt totdat hulp opdaag.
- ♦ Beskerm die pasiënt teen koue en nattigheid.
- ♦ Hou in gedagte dat 'n persoon wat seergekry het aan skok sal ly en kan koud kry.
- ♦ Gaan verneem later na die pasiënt se welstand.

#### AANBIEDING

*Moontlike vasleggingstegnieke wat gebruik kan word.*

1. *Omdat noodhulptegnieke verander, moet die offisier op die hoogte wees van die jongste tegnieke. Dit kan deur middel van demonstrasie of 'n video aan die kind oorgedra word.*
2. *Laat die kinders deur middel van rolspel die noodhulpoptrede aan sy spanlede demonstreer. Reël vooraf met die spanlede om vir die vergadering voor te berei. Elkeen in die span kies een situasie waar noodhulp vereis word. 'n Spanmaat behandel die pasiënt op die korrekte wyse, terwyl die offisier en die ander spanmaats toekyk en toesien dat die behandeling korrek is.*
3. *'n Noodhelper kan gevra word om met die aanbieding te help.*

Die kind kan net met kennis en vertroue optree as hy genoeg en gereeld geleenthede kry om te oefen. Hou dus u aanbiedinge so prakties moontlik, en gee aan elke kind die kans om dit prakties toe te pas.

#### Bronne

Gevorderde Noodhulphandleiding – Willie S Conradie en Oppel B W Greeff

Wees Paraat – Tamara L tter, Willie S Conradie en Oppel B W Greeff

### 3 KAMPERING

#### DOEL

1. Om aan die Penkop en Drawwertjie leiding te gee hoe om as deel van 'n groep, tydens 'n kamp op te tree.
2. Om die Penkop en Drawwertjie te lei tot die effektiewe beplanning en voorbereiding van 'n kamp.

#### INHOUD:

1. Beplanning
  2. Voorbereiding
  3. Watersuiwering
- 

#### 3.1 BEPLANNING

Tyd is kosbaar en daarom moet ons elke oomblik benut. Dit geld ook vir kampe (groot of klein). Kampe skep wonderlike geleenthede saam met die span. Indien beplanning goed gedoen is, sal die groep se gesindheid reg wees en die gemoedere ontvanklik.

##### Gaan so te werk:

1. Besluit wat u **doel** met die kamp is.
  - ♦ graadwielwerk af te handel
  - ♦ spangees te bou
  - ♦ te werk aan vereistes van spesialisasies vir 'n kenteken
  - ♦ 'n spesifieke plek te besoek.
2. Soek nou na 'n **geskikte terrein** of plek wat aan die doel van die kamp sal beantwoord. Dit gebeur dikwels dat u wel 'n terrein beskikbaar het en dan moet u die doel en program van die kamp daarby aanpas.
3. **Vervoer.** Bepaal hoeveel vervoer u nodig sal hê en wat wel beskikbaar is. Hou ook die koste in gedagte.
4. **Datum.** Die beskikbaarheid van die terrein, skoolprogramme, persoonlike programme en kerkprogram bepaal grootliks die kampdatum.
5. Beplan die **spyskaart** en hou die volgende in gedagte.
  - ♦ Hoeveelheid maaltye
  - ♦ Seisoen
  - ♦ Seuns of dogters
  - ♦ Koelgeriewe beskikbaar
  - ♦ Wie kook. As spanlede moet kook, verskil die spyskaart van wanneer ouers sou kook.
  - ♦ Tipe program. 'n Aktiewe program vereis meer kos.
6. **Betrek ouers** op hierdie stadium vir insette soos hulp, vervoer, donasies, apparaat, wenke en voorraad. Op hierdie stadium het u reeds genoeg feite om 'n voorlegging te maak en hulle vrae te beantwoord.
7. Doen die nodige aanpassing aan die **program** indien enige.
8. Maak 'n voorlegging by die **kommandodagbestuur** en kry toestemming vir die kamp.

9. Doen die nodige **besprekings** van terrein en vervoer.
10. **Kostebepaling**. Hou die volgende in gedagte.
  - ♦ Koste vir terrein
  - ♦ Koste vir vervoer
  - ♦ Voedsel voorsiening
  - ♦ Kursus / program materiaal
  - ♦ Toekennings of kentekens
11. Saamstel van die **voorradelys** word bepaal deur:
  - ♦ Beskikbare voorraad op terrein (eetgerei en kookgerei)
  - ♦ Tipe program wat aangebied word
  - ♦ Kamptoerusting soos grondseile, tente
  - ♦ Noodhulp
  - ♦ Kruideniersware en vars produkte.
12. Stel die **kampbrief** saam.
13. Stuur **inligting** aan ouers.

#### AANBIEDING

1. *Knap net weer die span se geheue op met inligting oor kampering en gedragskodes vir die veld, wat reeds in graad 5 behandel is.*
2. *Op hierdie ouderdom is kinders baie entoesiasies en om saam te mag beplan, sal verdere motivering wees. U sal self weet by watter van bogenoemde stappe u hulle kan betrek.*
3. *Die betrokkenheid van spanlede by beplanning moet nie net as hulp gesien word nie, maar ook as geleentheid om hulle te lei om sistematies en realisties te beplan. Hulle kan ook hieruit leer om probleme te voorsien en vroegtydig te hanteer.*

## 3.2 VOORBEREIDING

### Gesindheid

Die sukses van 'n kamp hang van elke kampinganger af en daarom moet elkeen:

- ♦ 'n gelukkige en tevrede kampinganger wees
- ♦ 'n gawe tentmaat wees
- ♦ na homself kan omsien
- ♦ aan alles meedoen
- ♦ al die reëls gehoorsaam
- ♦ behulpsaam wees waar nodig
- ♦ die pligte wat aan hom opgedra word, getrou uitvoer
- ♦ die belang van sy tentmaats op die hart dra
- ♦ sy taal korrek gebruik
- ♦ in staat wees om teleurstelling en kritiek te kan verwerk.

Hierdie aspekte word nie slegs voor die kamp beklemtoon nie, maar gedurende die kamp sal daar telkens geleentede opduik om weer van die waarhede uit te lig. Van die spanlede kom moontlik ook met bruikbare gedagtes na vore vir 'n geslaagde kamp en goeie gedrag.

**Pligte**

Omdat daar op elke kamp take is wat verrig moet word, is dit nie net wenslik nie, maar opvoedkundig korrek dat almal sal help. Dit is dus noodsaaklik dat 'n pligteverdeling reeds voor die kamp, gedoen sal word.

Verdeel dus die pligte in drie dele: voor, tydens en na die kamp. Wanneer 'n persoon deel is van 'n groep en nodig voel binne daardie groep, bou dit selfvertroue en selfbeeld. Betrek dus elke spanlid by take.

Sien ook toe dat die opdragte uitgevoer word en beplan saam met die span wat gedoen sal word met die een wat nie sy plig doen nie.

Elke kamp het sy besondere take en vereistes en daarom word nie spesifieke riglyne verskaf nie, maar bogenoemde behoort vir u leiding te gee.

Deurdad elkeen take vir die kamp het, leer hulle die volgende:

- ♦ Om diens te lewer
- ♦ Verantwoordelikheid
- ♦ Pligsgetrouheid
- ♦ Samewerking
- ♦ Aanvaarding van verskillende persoonlikhede.

Hierdie is almal lewenslesse wat geleer moet word op pad na die ABC van *Die Voortrekkers*.

**Kontrole**

- ♦ Afhandeling van die teorie met die kamp en kampprogram.
- ♦ Maak / bymekaarbring van kamptoerusting en kursusmateriaal.
- ♦ Invordering van kampgeld en byhou van finansiële staat.
- ♦ Aankoop van voedselvoorraad.
- ♦ Op pak en inlaai van voorraad.
- ♦ Voltooi die opdragte in die werkboek.

**3.3 WATERSUIWERING**

Sonder om in detail te verval, moet die kind bewus gemaak word van die feit dat alle water nie noodwendig drinkbaar is nie en dat dit veiliger is om enige onbekende water op een van die volgende maniere te suiwer.

- ♦ Vir kieme: Kook dit of voeg chloor by.
- ♦ Vir organiese materiaal kan dit gefiltreer word.

## 4 KOSMAAK IN DIE VELD

### DOEL

Om by die Penkop en Drawwertjie die praktiese beginsels van kosmaak in die veld tuis te bring.

### INHOUD

1. Hantering van kosvoorraad
  1. Kampkook sonder geriewe
  2. Kosmaak op oop vure
- 

#### 4.1 HANTERING EN BEWARING VAN KOSVOORRAAD

'n Koskas op 'n kamp is noodsaaklik al word daar net vir 'n naweek gekampeer. 'n Gewone kassie kan gemaak word wat geskik is om al die nodige daarin te vervoer. Op die kamp kan dit as 'n spens dien. Spesiale voorsorg moet vir melk, botter en vleis getref word. 'n Koelhouer kan gebruik word om dit koud te hou indien een of ander vorm van 'n yskassie nie beskikbaar is nie.

As daar geen geriewe beskikbaar is nie, kan die volgende met bederfbare items gedoen word:

Maak 'n gat in die grond, pak gras daarin en gooi dit goed nat. Plaas die bottel melk of die houer met botter in die gat en pak nog nat gras bo-op. Wors kan in 'n skoon materiaalsakkie, wat met asyn klam gemaak is, in 'n boom opgehang word waar die son nie daarop skyn nie.

By die beplanning van die spyskaart moet in ag geneem word dat daar so min moontlik maklik bederfbare kos saamgeneem word. Kos moet ten alle tye toegehou en in die koelte gebêre word. Konfyt en ander soet items moet ook deeglik toegehou word en niks moet êrens gemors word nie.

Kies die plek waar die kos voorberei word sorgvuldig waar nie son kom nie en stof en sand nie sal pla nie. Die werkoppervlak moet verkieslik met 'n plastiekkleedjie bedek word. Dit is belangrik dat die hande gewas en kookgereedskap skoon is wanneer etes voorberei word.

Beplan die spyskaart vooraf en bepaal die benodigdhede haarfyn sodat die korrekte hoeveelhede aangekoop word. Raadpleeg ook kookboeke wat spesiaal vir kampeerdere saamgestel is vir resepte wat u kan beproef.

#### 4.2 KAMPKOOK SONDER GERIEWE

As die spyskaart uitgewerk en die voorraad aangekoop is, is die helfte van die taak afgehandel. Daarna lê die praktiese oefening voor. Behandel die *Kode vir vuurmaak in die veld* met die span. Daar kan ook op gasstofies op kampe gekook of gebraai word.

Kos kan ook sonder basiese geriewe in die veld gaargemaak word, byvoorbeeld:

- ♦ Aartappel en patat kan gaargemaak word in die gat waarin 'n vuur gemaak was.
- ♦ Wors of vleis kan met 'n mikstok gebraai word.
- ♦ Mielies en pampoen kan in die kole gaargemaak word.
- ♦ Vis en eier word met modder toegesmeer en dan in 'n oop vuur gebak.
- ♦ Water kan in 'n plastieksak (jiffy) op 'n oop vuur gekook word.
- ♦ Stokbrood. Die volgende moet in gedagte gehou word voordat die stokbrood gemaak word:
  - ✧ Gebruik die regte stokke en reël vooraf daarvoor.
  - ✧ Giftige hout soos tambotie, selonsroos of naboom mag nie gebruik word nie.
  - ✧ As die hout nog sap het, moet dit eers oor die kole gebraai word.



- ✧ Droë hout is nie geskik nie, omdat dit aan die brand sal slaan.
- ✧ Stokke van groenhout is ideaal om te gebruik.
- ✧ Verwyder die bas aan die voerpunt van die stok.

**Resep:** Om stokbrood te maak, word daar soos volg te werk gegaan:

Vir 'n span van agt sal drie koppies meel, drie teelepels bakpoeier en 'n teelepel sout nodig wees. Roer alles goed deurmekaar, maak 'n holte in die middel en gooi 'n bietjie koue water daarin. Roer die deegmengsel al in die rondte sodat die water en meel kan meng. Knie die deeg totdat dit nie meer aan die hande vassit nie. Neem 'n stuk van die deeg en maak so 'n lang plat reep daarmee. Draai hierdie plat reep soos 'n verband al om die voerpunt van die stok sodat die kante daarvan oral aan mekaar raak. Druk die kante en punte van die deeg goed vas en bak nou die stokbroodjie oor die kole. Sorg dat die broodjie gedurig in die rondte gedraai word sodat al die kante kan gaar word. Intussen kan ook 'n worsie gaargemaak word. Sodra die broodjie gaar is (dit is wanneer die broodjie self van die stok loskom), kan die gaar wors in die holte gestee word. Stukkies tamaties of stroop kan ook gebruik word.

### 4.3 KOSMAAK OP OOP VURE

Bogenoemde kossoorte het ons reeds in graad 3 leer maak. Aangesien die Afrikaner 'n mens vir die buitelewe is, gaan ons nou ander geregte en gaarmaakmetodes op oop vure bespreek.

#### DIE VUUR

*Die Voortrekkers* se Kode vir vuurmaak is reeds in Gr 5 behandel. Kom ons kyk nou na geskikte houtsoorte om kos op gaar te maak. 'n Wye verskeidenheid houtsoorte is beskikbaar en dit hang net af van waar jy woon of kamp. Hardekool, rooikrans, kameeldoring, sambreeldoring, sekelbos en wingerdstompies is almal houtsoorte wat langbrandende kole lewer.

Ontvlambare produkte soos paraffien moet nooit gebruik word om die vuur mee te begin nie. Maak liever gebruik van papier, dun takkies of spesiale vuuraanstekers soos “blitz”.

Wanneer vleis gebraai word moet die vuur betyds met genoeg hout gemaak word sodat dit kan uitbrand en voldoende kole vorm om die vleis te braai.

#### VLEISSOORTE VIR BRAAI

- ♦ **Skaaptjops:** Daar is verskeie maniere om die tjops voor te berei. Deur met sout en ander geurmiddels te besprinkel óf deur vooraf te marineer.
- ♦ **Varkvleis:** Varkvleis kan ook op dieselfde maniere as die skaap voorberei word. Varkvleis het heelwat vet aan en wanneer dit braai, drup die vet op die kole en kan vlamme veroorsaak. Hou dus die vuur goed dop.
- ♦ **Beesvleis:** Dieselfde voorbereiding geld maar dit moet vinnig en oor baie warm kole gebraai word. Beesvleis kan halfgaar ook geëet word.
- ♦ **Hoendervleis:** Weereens voorberei soos die ander maar moet stadig oor minder warm kole gebraai word.
- ♦ **Varkvleis en hoender** moet baie goed gaargemaak word.

#### AANBIEDING

1. *Dra die inligting oor bewaring van voorrade aan die span oor en bedink saam met die span nuwe idees om kampkook en kosmaak in die veld, aangenaam, prakties en higiënies te maak.*
2. *Verwys vlugtig na die kossoorte wat sonder geriewe gemaak kan word.*
3. *Doen eers die teorie van vuurmaak, laat hulle daarna oefen om dit korrek te pak en aan te steek. Gee ook wenke om die gevaar van brand te verminder.*

4. *Bespreek eers die braai van die verskillende vleissoorte voordat dit prakties toegepas word. Dit sal goed wees as verskillende soorte vleis gebraai word sodat hulle kan sien hoe die voorbereiding en braai verskil.*

## POTJIEKOS


Hierdie is nog 'n tipiese Suid-Afrikaanse gereg. Vandag is daar al baie idees en resepte vir die maak van potjiekos. Hier word dus net 'n paar basiese wenke gegee en u en die span kan self besluit oor die inhoud van die pot.

- ♦ Kies die regte grootte ysterpot met 'n deksel om die hele span te kan voed.
- ♦ Die pot moet stewig staan of kan hang.
- ♦ Die vuur moet nie vlamme hê nie maar stadige kole.
- ♦ Die vleis, uie en sekere van die geurmiddels word eerste gebraai.
- ♦ Daarna word die groente in lae bo-op die vleis gepak en die vloeistof en ander geurmiddels bygevoeg.
- ♦ Die toe pot kom nou op die vuur om vir 'n uur of selfs langer te prut.
- ♦ Dit is belangrik dat die inhoud nie geroer word nie.
- ♦ Vul vloeistof aan indien nodig.

## AANBIEDING

*Deur te help met die voorbereiding en die maak van potjiekos kan die kind die volgende leer en ervaar:*

- *Om groente met 'n mes te verwerk*
- *Om vleis voor te berei*
- *Die gebruik van geurmiddels*
- *Belangrikheid van veiligheidsmaatreëls*
- *Leer om 'n resep te lees en gebruik*
- *Samesyn.*
- *Geleentheid vir gesprekvoering*
- *Gebruik van taakverdeling*
- *Leer beplan*
- *Die genot van “ons het dit self gedoen”*



## EK AS VOORTREKKER

### 1 DIE VOORTREKKERS - LANDSWYD

#### DOEL

1. Om kennis van die samestelling van die hoofdagbestuur en hul rangkentekens aan die Penkop en Drawwertjie oor te dra.
2. Om die Penkop en Drawwertjie met die beginsels van leierskap te laat kennismaak.

#### INHOUD

1. Samestelling van die hoofdagbestuur
  2. Rangkentekens
  3. Leierskap
- 

#### 1.1 SAMESTELLING VAN DIE HOOFDAGBESTUUR

Die hoogste gesag in *Die Voortrekkers* is die Kongres. Omdat die Kongres net een keer elke vier jaar vergader, tree die Hoofbestuur namens die Kongres op. Die Hoofbestuur bestaan uit die Hoofdagbestuur, afgevaardigde lede van al die Gebiedsdagbesture en die skakeldraer en kom minstens twee maal per jaar bymekaar.

As die Hoofbestuur nie in sitting is nie, tree die Hoofdagbestuur namens die Hoofbestuur op. Hulle neem besluite, gee opdragte en sien toe dat die besluite van die Hoofbestuur en Kongres uitgevoer word.

Die Hoofdagbestuur bestaan uit die Hoofleier en die Adjunkhoofleiers. Die Hoofleier word tydens die vierjaarlikse kongres, waar alle kommando's verteenwoordig is, verkies. Die Adjunkhoofleiers word deur 'n vooraf benoemde kieskollege ook tydens die kongres verkies.

#### 1.2 RANGKENTEKENS

Die rangkentekens van die Hoofdagbestuur is pare gekruisde goue fakkels. Die Hoofleier dra **drie** paar gekruisde goue fakkels en die Adjunkhoofleiers **twee** paar gekruisde goue fakkels.

Op die formele baadjie word net metaal rangkentekens gedra.

#### AANBIEDING

1. *Hersien alle rangkentekens wat die vorige jare behandel is.*
2. *Die besonderhede oor rangkentekens en waar dit op die Voortrekkerdrag aangebring word, sal u vind in die reglemente oor Voortrekkerdrag.*
3. *Speletjies: Die volgende speletjie kan gebruik word om die range en rangkentekens tuis te bring:*
  - **Visvang:** *Hiervoor is nodig:*
    - ✧ *Identiese kartonvissies met 'n skuifspeld aan elkeen se bek. Plak of teken die verskillende rangkentekens ( ook die wat die vorige jare aangeleer is), agter op die vissies.*
    - ✧ *'n Visstok vir elke span (gebruik 'n tappen as stok, tou as vislyn en 'n hoefystermagneetjie as hoek).*
    - ✧ **Telkaart:** *Die puntetelling is soos volg:*  
**6 Punte elk:** *hoofleier, adjunkhoofleier, adjunkhoofleier (admin)*

**5 punte elk:** gebiedsleier, adjunkgebiedsleier, adjunkgebiedsleier (admin)

**4 punte elk:** oordleier/streekleier, adjunkoordleier

**3 punte elk:** kommandoleier, adjunkkommandoleier, adjunkkommandoleier (admin)

**2 punte elk:** veldkornet, adjudant

**1 punt elk:** hoofspanleier, spanleier, adjunkspanleier

#### Spelreëls

- ✧ *Plaas die visse op die grond met die range na onder gekeer (gebruik 'n langerige tou om die buitelyn van die visdammetjie voor te stel).*
- ✧ *Verdeel die spelers in twee of meer spanne na gelang van die aantal spelers.*
- ✧ *Elke span ontvang 'n visstok en elke speler kry 'n beurt om vir sy span punte aan te teken deur die rangkentekens op die vis wat hy vang te identifiseer.*
- ✧ *Indien daar meer spelers as range is, plaas vangste terug en skommel of dupliseer van die range sodat daar vir elkeen 'n vis is om te vang.*

#### Alternatief:

- ✧ *Skryf 'n rang op die agterkant van elke vis.*
- ✧ *Hou 'n rangkentekenkaart byderhand met al die toepaslike range daarop.*
- ✧ *Elke speler moet die naam op die agterkant van sy vangs lees en die rangkenteken op die kaart aandui (gebruik dieselfde telling as hierbo).*

#### • Rangkaarte

- ✧ *Skryf die name van die hoofdagbestuurslede, hul range en die rangkentekens elkeen op 'n aparte kaartjie. Ou speelkaarte kan gebruik word deur die voorkante toe te plak met die feite wat aangeleer moet word.*
- ✧ *Die span speel dan kaart en maak pakkies wat uit drie kaarte bestaan. Die een met die meeste pakkies is die wenner.*
- ✧ *Die kaartjies kan so lyk:*

OOM HERMAN	HOOFLEIER	OOO Paar goue gekruisde fakkels
TANNIE MAGRIET	ADJUNKHOOFLEIER	OO Paar goue gekruisde fakkels
OOM WILLEM	GEBIEDSLEIER	OOO Silwer wiele
TANNIE JANET	ADJUNKGEBIEDSLEIER	OO Silwer wiele

4. *Probeer foto's van die verskillende hoofdagbestuurslede bekom sodat die persone bekendes word en nie bloot name bly nie.*
5. *Vul die inligting in die werkboek in.*

### 1.3 LEIERSKAP

Gebruik die vraelys in die werkboek as aanknopingspunt vir 'n gesprek oor die eienskappe van goeie leiers. Die kinders voltooi dit eers en daarna bespreek almal saam die verskillende punte.

Gebruik ook die afdeling oor Leierskap in die “Ondersteuning vir Penkop en Drawwertjie offisiere”

## 2 SEREMONIE-VAARDIGHEDE

### DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie die plesier van “ek kan dit doen” te laat ervaar.
2. Om die Penkop en Drawwertjie ‘n trots vir ons Beweging te leer

### INHOUD

1. Waarom vlagseremonies.
  2. Wenke vir die aanleer van vaardighede.
  3. Bewegings vir graad ses.
- 

#### 2.1 WAAROM VLAGSEREMONIES?

1. Vlagseremonies is ons manier om eerbied en respek aan ons simbole te betoon.
2. Vlagseremonies, soos ander seremonies, help om ‘n besondere trots te kweek by jeuglede teenoor hul land, hul beweging, hul span en hulself.
3. Vlagseremonies aan die begin en/of einde van ‘n Voortrekkeraktiwiteit bied die geleentheid tot ‘n ordelike begin en afsluiting. Dit dra ook by tot ‘n ordelike program wat na of voor so ‘n seremonie plaasvind.
4. Netjies afgeronde vlagseremonies kan ‘n goeie advertensie wees van die gehalte werk wat in die kommando of span gedoen word.

#### 2.2 WENKE VIR DIE AANLEER VAN VAARDIGHEDE

1. ‘n Offisiere moet voorbereid wees en die bewegings self korrek kan uitvoer of iemand kry om dit namens hom aan te bied.
2. Stel die groep in 'n vierkant op. Die vierkant word so gedraai, dat die gesig van die aanbieder na die son is, sodat die son nie die kinders pla nie.
3. Verduidelik eers wat die doel van die beweging is en gee dan 'n volledige demonstrasie hoe die beweging moet lyk. Vermoë die noem en wys van verkeerde optredes, dit het die neiging om eerder vas te steek as die regte optrede.
4. Die ouderdom van die groep sal die spoed bepaal waarteen die groep die bewegings aanleer.
5. Sommige kinders sukkel met hand-oog koördinasie en moet ekstra aandag kry. Moet egter nie die kind uitsonder ten aanskoue van die ander nie. Stap liever saam met hierdie kind, gesels en begin jy as offisier jou arms swaai sodat die kind dit saam met jou doen en hy uiteindelik sonder inspanning marsjeer.
6. Prys kinders met die vordering wat hulle maak en bevestig ook gereeld waarom hulle dit moet aanleer.
7. Hersien vorige bewegings voordat die nuwes aangeleer word.
8. Moenie meer as twee bewegings op 'n keer probeer aanleer nie. Maak seker dat elkeen elke beweging behoorlik onder die knie kry voordat aangegaan word na die volgende.
9. Drilwerk en seremonieële vaardighede moet gereeld geoefen word anders word dit verloor. Kort, maar gereelde oefensessies toon beter resultate as 'n lang sessie. Hou op terwyl dit nog lekker is.
10. Sodra die kinders die bewegings onder die knie het kan dit saam met musiek uitgevoer word. Die resultaat is baie bevredigend en die kinders geniet dit.

11. Kinders geniet vlagseremonie meer as hulle dit behoorlik kan doen. Maak dus seker dat geleentheid vir oefening geskep word.
12. Gebruik die bewegings en vaardighede in ander seremonies ook sodat die kinders die waarde daarvan beleef en die genot van geordende bewegings kan ervaar.

**Alles wat goed gedoen word verskaf genot, is aansteeklik en motiverend.**

## 2.3 BEWEGINGS VIR GRAAD SES

### Deelname aan 'n vlagseremonie in 'n saal

Dit sluit 'n **vlagpresentering** of 'n **vlagverwydering** in. Die jeuglid hoef geen rol te vervul nie, maar is bloot deel van die gehoor in die saal.

### Vrywillige optrede as seremonieleier by 'n buite vlagseremonie

Dit is 'n **vlaghysing** of 'n **vlagstryking**. Die optrede van die seremonieleier word volledig in die Reglemente vir Seremonie beskryf.

### Die taak en optrede van die saluutoffisier

Die saluutoffisier is normaalweg die persoon teenwoordig met die hoogste rang, of iemand aan wie hy sy reg gedelegeer het.

Omdat ons besig is met opleiding gee ons ook jeuglede die geleentheid om die taak te verrig.

Die doel van die saluutoffisier is om namens almal teenwoordig, eer en respek aan die vlae te betoon.

Tydens 'n **vlaghysing en vlagstryking**:

- Op die bevel "Oë front" stap die saluutoffisier saam met die godsdiensoffisier op en tree agter die pale aan. Die godsdiensoffisier tree regs (vanuit die seremoniegroep gesien) van die seremonieleier aan en die saluutoffisier links. Die saluutoffisier staan tussen die paal van die landsvlag en die seremonieleier maar 'n tree agtertoe.
- Die saluutoffisier en godsdiensoffisier reageer ook op die bevel wat aan die seremoniegroep gegee word.
- Wanneer die bevel "Ontplooi die vlae" gegee word, tree die saluutoffisier vorentoe. Sodra die Nasionale vlag oopval salueer die saluutoffisier en hy hou die saluut vir die volle duur van die sing van die lied.
- As die lied klaar gesing is, sluit die saluut en tree die saluutoffisier weer 'n tree terug na sy posisie.
- By 'n vlagstryking word die saluut geneem na die bevel "Stryk die vlae"
- Die saluutoffisier tree vorentoe soos in die geval van die hysing.
- Die saluut word gehou vir die volle duur van die sing van die lied of die stryking van die vlae.
- Sodra die lied klaar gesing is, sluit die saluut en die saluutoffisier tree terug na sy posisie.

Tydens die **vlagpresentering en vlagverwydering**:

- By die vlagpresentering en vlagverwydering tree die saluutoffisier links (vanuit die gehoor gesien) op die "verhoog" aan terwyl die seremonieleier regs aantree.
- Die saluutoffisier reageer op die bevel "Vlagparade aantree" en stap uit die gehoor waar hy gesit het na die "verhoog". Neem sy plek in op die linkerkant van die "verhoog" sodat hy nie in die pad van die vlagdraers sal wees nie.
- Die saluutoffisier bly op aandag staan

- Op die bevel "Presenteer die vlae" word 'n lied aangehef en saam daarmee word die saluut geneem. Die saluut sluit aan die einde van die lied.
- Die saluutoffisier bly op die "verhoog" tot na die bevel "op die plek rus" waarna hy die verhoog verlaat en sy plek in die gehoor gaan inneem.

### **Die taak en die optrede van die godsdiensoffisier**

Dit is die persoon wat tydens 'n vlaghysing of 'n vlagpresentering die skriflesing waameem.

Tydens 'n **vlaghysing**:

- Die godsdiensoffisier tree saam met die saluutoffisier op die bevel "oë front" aan.
- Hy neem sy plek in regs van die seremonieleier, halfpad tussen die seremonieleier en die vlagpaal met die Voortrekkervlag, maar 'n tree terug.
- Die godsdiensoffisier voer alle bevels saam met die parade uit.
- Wanneer die seremonieleier aankondig dat daar nou godsdiensoffisier gehou gaan word tree hy 'n tree agtertoe en die godsdiensoffisier beweeg een tree vorentoe.
- Die Voortrekkers staan op die plek rus terwyl gelees word. Wanneer die godsdiensoffisier sê "Kom ons bid" neem almal die gebedshouding in vir die duur van die gebed. Nadat "amen" gesê is kom almal weer op die plek rus.
- Die godsdiensoffisier tree terug en die seremonieleier gaan met die seremonie voort.

Tydens die **vlagpresentering**

- Die godsdiensoffisier bly in die gehoor sit totdat die seremonieleier hom vra om na vore te kom.
- Hy neem die godsdiensoffisier waar en gaan op sy eie terug na sy sitplek terwyl die seremonie voortgaan.

### 3 DIE VOORTREKKERKODE

#### DOEL

1. Om die jeuglid te veranker in dit waarvoor *Die Voortrekkers* staan. Christenskap, Afrikanerskap en Burgerskap.
2. Om aan die offisier leiding te gee wanneer hy beplanning doen en om hom te laat beseft waarom elke deel van die werk in die boek belangrik is.
3. Om die offisier en jeuglid met woord en daad te bind aan die doelstellings van die Beweging.

#### INHOUD

1. Inleiding
  2. Toepassing
- 

#### 3.1 INLEIDING

Enige lewende wese se voortbestaan hang af van 'n bepaalde patroon of reëls waarvolgens en waarbinne hy in harmonie met sy soort en andersoortiges kan saamleef. Daarom is daar wette in elke land en reëls in elke skool en huis. Die Voortrekkerbeweging het 'n kode (doelstellings) waarvolgens hulle probeer leef.

'n Kode is reëls en prosedures wat onderling deur die lede van 'n bepaalde stand, groep, vereniging of beweging erken word. Deur die reëls getrou na te streef en uit te leef word die doel van die Beweging bereik.

Alles wat ons in *Die Voortrekkers* met die kinders doen of vir hulle leer moet aan een van die reëls van die kode gekoppel kan word. So sal die kinders en offisiere leer dat die kode eintlik 'n leefwyse is.

Die Voortrekkerkode is 'n vereenvoudigde weergawe van die doelstellings van die Beweging. Opsommend praat ons ook van die ABC van die Beweging. Al die reëls van die kode wat handel oor Afrikanerskap sal deel vorm van die A, alle reëls wat gemik is op Burgerskap sal die B uitmaak terwyl alle reëls wat handel met ons Christenskap die C komponent uitmaak.

Die kinders en offisiere moet nie net die kode ken nie maar moet dit ook uitleef. U het as offisier geslaag wanneer dit 'n werklikheid word. Om te kan slaag moet u voortdurend die kinders se denke en optredes volgens die kode rig. U aanbiedings moet duidelik uitspel watter reël van die kode u daarmee wil bereik. Deeglike voorbereiding is noodsaaklik sodat u aanbieding nuwe dimensie sal kry en die spanlede weekliks uitsien na die volgende byeenkoms omdat hulle werklik iets kry wat vir hulle 'n belewenis is. Die ekstra voorbereidingstyd is deur en deur die moeite werd. (Gebruik ook die *Ondersteuningsboek vir Penkop en Drawwertjie Offisiere*)

#### 3.2 TOEPASSING VAN DIE VOORTREKKERKODE

1. Op hierdie stadium moet die jeuglid:
  - ♦ Die tien reëls van die kode ken.
  - ♦ Hul betekenis verstaan.
  - ♦ Weet waarom die werkplan verskillende aktiwiteite het.



## AANBIEDING

1. *Bespreek die rol en optrede van 'n gespreksleier aan die hand van die inligting in die werkboek.*
2. *U kan deur verskillende situasies te skep, die groep in besprekings lei. Die uitsluitlike doel moet wees om die optredes en handeling van die kind te rig volgens die voorskrifte van die kode. Gebruik situasies waarmee die kind daagliks te doen het, om oor tjekbedrog met hulle te gesels sal nie veel reaksie uitlok nie. Byvoorbeeld:*
  - *Jy sien 'n man pluk proteas langs die pad in die veld. Hy sê sy vrou is siek en sy hou baie van proteas. Wat moet jou optrede wees?*
  - *Jy sien 'n graad drie seuntjie in sy juffrou se tas krap. Hoe moet jy nou op tree.?*
3. *Neem deel aan die gesprek, want nou is u nog die rolmodel wat moet wys hoe. Lei die gesprek so dat hulle die oplossing sal vind in lyn met dit wat die kode ons leer.*
4. *Gee aan alle spanlede die geleentheid om as gespreksleier op te tree. Benut die situasies wat tydens spanbyeenkomste opduik.*
5. *Help reg waar nodig.*
6. *Gee leiding aan die deelnemers aan die gesprek. Let veral op die volgende:*
  - *mekaar in die rede val*
  - *onttrek omdat hy nie saamstem nie*
  - *praat sonder om te dink*
  - *praat sonder ophou*
  - *neem glad nie deel nie*
7. *Lei die kind om situasies te ontleed alvorens hy poog om dit te hanteer of te ontlont. Gebruik begrippe soos:*
  - *Wat is die situasie ter sprake – laataandpartytjie vir graad 6*
  - *Wie is betrokke (rolspelers) - ouers teenoor kind*
  - *Wat is hulle verhouding tot mekaar - ouer en kind*
  - *Poging tot 'n oplossing - rustige beredeneerde gesprek met ouers*
  - *Aanvaarding van gesag (kode – gesagsaanvaarding) indien die gesprek nie uitwerk soos wat jy sou wou gehad het nie. (sonder om dikbek te wees)*

## 4 VOORTREKKERDRAG EN KLEURSTELSEL

### DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie groepsgebondenheid deur middel van drag te laat ervaar.
2. Om by die Penkop en Drawwertjie 'n trots vir die drag van die Beweging te kweek.
3. Om die Penkop en Drawwertjie die begrip van die sinvolle gebruik van kleur vir uitkenning aan te leer.

### INHOUD

1. Voortrekkerdrag
2. Kleurstelsel

#### 4.1 VOORTREKKERDRAG

- ♦ Moedig deur u voorbeeld die kinders aan om met **elke** byeenkoms minstens hulle aktiewe drag aan te trek.
- ♦ Maak by elke byeenkoms seker dat u en u span volgens **voorskrif** geklee is.
- ♦ **Skep** geleentede vir die dra van formele drag.
- ♦ **Kontroleer** gereeld of die kentekens op die erkenningsbaadjies korrek aangewerk is.

#### 4.2 KLEURSTELSEL

##### AGTERGROND INLIGTING VIR DIE OFFISIER

In *Die Voortrekkers* gebruik ons 'n kleurkode as uitkenningshulpmiddel. Die kleure het 'n bepaalde volgorde sodat, wanneer jy die kleure se rympie ken, kan jy self diensjare, toekennings, range en graadwiele uitwerk.

##### Die kleurvolgorde is:

1. Oranje	2. Groen	3. Blou	4. Rooi	5. Silwer	6. Goud
-----------	----------	---------	---------	-----------	---------

1. Die graadwielboekies en die offisiere se handleidings volg bogenoemde kleurpatroon en daarmee saam die graadwiele wat die kinders ontvang na voltooiing van die werk in die boekie;
2. So ook die skeie en jukke wat die lede vir getroue bywoning ontvang.
3. Die rangkentekens van die Penkop en Drawwertjie is oranje terwyl die Verkenners se rangkentekens groen is.
4. Die rangkentekens van die offisiere volg dieselfde patroon.
  - Veldkornet en adjudante se kompas is groen.
  - Kommandodagbestuur se kompas is blou.
  - Oorddagbestuur se kompas is rooi.
  - Gebiedsdagbestuur dra silwer wiele.
  - Hoofdagbestuur dra goue fakkels.

Maak seker dat die kentekens wat die kind die vorige jaar ontvang het, wel op sy erkenningsbaadjie korrek aangewerk is.

Aan die einde van hierdie jaar sal die kinders wat nou die **sewende** jaar 'n Voortrekkers is, 'n goue graadwiel en 'n groen skei ontvang. Die groen skei word nou **saam** met die oranje voorjuk van die vorige jaar op die erkenningsbaadjie gedra. Kinders met minder jare diens ontvang skeie volgens hul diensjare.

Die kind wat egter pas aangesluit het, ontvang wel 'n goue graadwiel, maar hulle ontvang skeie volgens hulle diensjare.

Die vorige jaar se graadwiel word **NIE** verwyder nie. Die nuwe graadwiel word net op die korrekte plek bygevoeg.

#### AANBIEDING

1. *Maak vanjaar baie seker dat **al** die kentekens op die erkenningsbaadjie volgens voorskrif korrek aangewerk is.*
2. *Dra die volgende inligting op aanskoulike wyse aan die kinders oor.*
  - *Die Voorjuk: Die juk is 'n houtbalk wat gebruik is om osse voor die wa in te span. In elke juk het vier skeie gepas. Na vyf jaar getroue diens ontvang 'n Voortrekker die kenteken van 'n voorjuk as erkenning terwyl hy die vorige vier jare elke keer 'n skei ontvang het.*

*Die voorjuk het van die ander jukke verskil omdat die skei aan die buitekant 'n hak gehad het wat deur die touleier gebruik is om die tou, waarmee hy die osse moes lei, aan op te hang wanneer hy nie meer hoef te lei nie. Vandaar die uitdrukking "hy gooi tou op" wanneer hy nie meer sy werk doen nie.*

*Die juk is op die twee osse se skowwe neergelê en skeie is weerskante van die kop, deur die juk gedruk. Dit het dan verseker dat die osse die afstand tussen hulle behou.*
  - *Die skei het dié naam gekry aangesien dit die osse van mekaar moes skei. Skei beteken immers om dinge uitmekaar te hou. Aan een kant van die skei was twee kepe ingesny om die strop (riem) in te hak.*
  - *Die strop: Om te voorkom dat die os sy kop sou laat sak en so tussen die twee skeie sou kon uitkom, is daar tussen die twee skeie onder die os se keel, 'n riem (die strop) aangebring. Normaalweg is die strop in die onderste twee gleuwe gehak. Wanneer die strop in die boonste twee kepe gehak sou word, het die osse baie swaar getrek omdat die strop dan styf om sy keel sou trek. Die uitdrukking "om noustrop te trek" (wanneer iemand swaarkry) kom ook hiervandaan.*

## 5 TRADISIONELE SPELE EN DANSE

### DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie te laat kennis maak met die tradisionele spele en danse van die Afrikaner.

### INHOUD

1. Volksdanse.
  2. Volkspele.
  3. Tradisionele spele.
  4. Boeresport.
- 

Tradisie is dit wat van geslag tot geslag oorgedra word omdat dit deel van 'n volk se leefwyse is en kan mondeling of skriftelik wees. Tradisie bly voortbestaan binne 'n groep wat dit koester. Deur die jare is die spele wat gespeel word gevorm deur die wyse waarop mense leef. Dit kan ons duidelik sien as ons kyk na die spelletjies van die Groot Trek en dié van die rekenaarera waarin ons tans leef.

### 5.1 VOLKSDANSE

'n Kenmerk van die volksdanse is dat dit 'n groepaktiwiteit is waar eenvoudige bewegings, met herhaling, uitgevoer word.

Baie is geneig om die Afrikaner te sien as 'n vroom, teruggetrokke soort mens wat taamlik stroef en stuurs is. Dit is egter nie so nie, want hy is 'n vrolike, opgewekte mens met 'n baie sterk humorsin.

Vroeër jare was menswees, spontaneïteit, joligheid en opregte deernis vir jou medemens 'n kenmerk van die alledaagse bestaan. Wat waarskynlik die meeste tref as 'n mens die geskiedenis nagaan, is die pret en plesier wat by dansgeleenthede geskep is.

'n Bruilof was 'n gebeurtenis waar die sogenaamde sosiale danse of volksdanse deel van die viering uitgemaak het. Natuurlik was dans 'n onlosmaakbare deel van die pret van nuwejaarsvieringe waar daar soms tot drie dae aanmekeer gedans is.

'n Omvattende studie van die herkoms en ontwikkeling van die Afrikaanse volksdans is in 1985 deur Matilda Burden van die Departement Afrikaanse Kultuurgeskiedenis, Universiteit Stellenbosch voltooi. Die danse waarmee die Afrikaner hom veral vereenselwig het vanaf die einde van die 19e eeu tot vandag toe, is hoofsaaklik die seties, wals, polka, valeta, kadriel, lancers en die vastrap, soos blyk uit die titels van boeremusiekstukke. Heelwat van hierdie danse is in werklikheid van die Engelse oorgeneem. Van hierdie danse, wat veral onder ons bruin taalgenote besonder gewild was, was die vierhoekdansen of "squares".

Die dansgeleentheid of bal het gewoonlik in 'n hotel of die stadsaal plaasgevind. Dit is juis hierdie danse wat die boere hul eie gemaak het en met hul eie musiek (boeremusiek) begelei het. Dit is hierdie vorm van dans wat ontwikkel het tot die volkskultuur, naamlik volks- of sosiale danse.

Verskynsels in die danse wat bygedra het tot die eie en unieke karakter van hierdie volksdansvorm is:

- ♦ Die tempo en dinamiek van die musiekbegeleiding het 'n swaar en energieke danswyse meegebring.
- ♦ Die liggaamshouding was natuurlik, maar effens vooroor vir die man en regop en ontspanne vir die vrou.
- ♦ Die dansgreep was stewig en die vrou het met haar linkerhand aan die bo-arm van die man vasgehou.
- ♦ Die liggaamsgewig is oor die hele voet versprei.

- ♦ Die musiekbegeleiding het dikwels gepaard gegaan met sang wat 'n jolige atmosfeer van totale meelewing geskep het.
- ♦ Die instrumentale orkessamestelling het bestaan uit kombinasies van die konsertina, traporrel, trekklavier, kitaar, mondfluitjie, viool en geïmproviseerde basviool.

Hierdie eie karakter is deur die Afrikaner self ontwikkel. Die funksie van deelname aan hierdie danse was baie spesifiek tot die leefwyse en behoeftes van die boeregemeenskap. Die groot afstande tussen die plase en die gevestigde dorpe het die geleentheid vir gesellige verkeer op hierdie wyse 'n besondere samekoms gemaak. 'n Karaktertrek van die boeredanse wat langer by die Afrikaner behoue gebly het, was die groepsbetrokkenheid, groepsgebondenheid en vaste passies wat tegelyk deur die dansers uitgevoer is.

Daar word vertel dat die mans wat te perd gery het, sowat 'n myl van die huis af stilgehou het om hul witbroek, donker baadjie en das aan te trek en dan die perd na die huis toe gelei het sodat hulle ongekreukel en vars by die opstal opdaag.

Die gewildheid van vierhoekdanse soos die kadriel, lansers en kotiljons kan deels toegeskryf word aan die beperkte ruimte wat binnenshuis tot hul beskikking was. Danse aan huis het in die sit- en eetkamer plaasgevind waar ruimte beperk was. In die plaasskuur kon sirkel- en rydanse met groter gemak uitgevoer word.

Sedert die dertigerjare met die verskyning van die nuwerwetse danse het die pare vryelik op die dansvloer rondbeweeg.

'n Poging tot die bewaring van die volksdanse is van stapel gestuur deur die Jan Pierewiet-geselskap wat in 1938 gestig is met die doel om volksang en volksdanse aan te moedig en te bewaar.

'n Nuwe poging tot die herlewing van die ou boeredanse het in 1984 begin. Boeredanse is op 'n proefbasis as ontspanningsaktiwiteit aangebied by jeugkampe en ontspanningsbyeenomste van studente in die Wes-Kaap.

Skoolkinders, studente, volwassenes, gesinne en bejaardes was betrokke by hierdie bekendstellingsaksies. Dit het baie duidelik na vore gekom dat hierdie dansvorm deur deelnemers en toeskouers as aanvaarbaar geag is in hierdie "moderne" tyd. Hiermee saam het ook 'n aanvaarding en waardering van boeremusiek gekom.

Tipies van Westerse eerste-wêreld volkere is die neiging dat kultuurbedrywighede deesdae by kultuurorganisasies berus om betrokkenheid te koördineer en om aandag aan bewaring, bekendstelling en betrokkenheid te skenk.

## 5.2 VOLKSPELE

'n Kenmerk van die volkspele is dat dit 'n groepsaktiwiteit is waar eenvoudige bewegings sing-sing, op die wysie van volksliedjies, uitgevoer word. Die woorde vertel heel dikwels 'n verhaal soos byvoorbeeld *Pollie ons gaan Paarl toe* of *Aanstap Rooies*. Dr S H Pellisier is die vader van die Afrikaanse Volksang- en Volkspelebeweging.

Na die simboliese ossewatrek van 1938 het belangstelling in volkspele gegroei. Kursusse is aangebied en massa volkspelevertonings is gelewer. Hiervoor dra die deelnemers 'n tradisionele drag, naamlik lang wye rokke met nekdoeke deur die dames en langbroeke, hemde en geborduurde onderbaadjies deur die mans.

Die belangstelling van die jeug in die volkspele is tans baie min en deur die kinders die geleentheid te bied om dit te kan speel, moet daar gepoog word om weer die belangstelling te laat posvat.

## 5.3 TRADISIONELE SPELE

Dit is 'n feit dat die kinders van vandag hulle nie meer self kan vermaak nie. Die televisie en rekenaar het in 'n mate die kind se vermoë om te skep, gedemp, omdat alles so maklik met die druk van 'n knoppie gebeur. Die kinders is nie meer aktief betrokke nie en daarom is dit ons taak om daardie vonkie weer aan te blaas en om die kinders aan te moedig om veral in die buitelug weer aktief te speel.

Die sukses wat behaal sal word, sal afhang van hoe die aktiwiteit aangebied word. As daar gekyk word na die spele wat ons voorouers gespeel het, is daar 'n interessante patroon te bespeur.

- ♦ Aangesien speelgoed skaars en nie te koop was nie en eiegemaakte speelgoed ook nie te volop was nie, is baie van die speletjies sonder apparaat gespeel, byvoorbeeld Adam en Eva, vroteier, derdemannetjie en blindemol.
- ♦ Omdat kinders op mekaar aangewese was vir hulle vermaak, was groepspele aan die orde van die dag, byvoorbeeld koljander-koljander, wegkruipertjie en slangetjie.
- ♦ Sommige spele het ontwikkel uit die hulpmiddels wat op trek en later op die plaas beskikbaar was, byvoorbeeld spele soos klip-klip, sakresies, kennetjie, malieklip, jukskei, skophokkie, kleilatgooi en botterboomry.
- ♦ Ook die Engelse invloed het sy uitwerking op die kinders se spele gehad. So is ellie rose (al die rooies) hop scotch en jolly miller oorgeneem.
- ♦ Omdat daar maar altyd die behoefte is om te spog, het die sogenaamde sterkmanspele nie agterweë gebly nie, spele soos skilpadtrek, toutrek en beesvelgooi was baie gewild.

Vandag se kinders sal die spele net so geniet as hulle net weet hoe om dit te speel.

## 5.4 BOERESPORT

Net soos gemmerbier, boerewors en melktert, is boeresport eie aan die Afrikanervolk. Veral met Nuwejaar, wanneer vriende en familie bymekaar was, het ons voorouers graag pret gemaak met toutrek, sakresies, kruiwastoot, haangevegte en skilpadtrek.

Boeresport bied die geleentheid aan almal om deel te neem en te presteer. Dit is nie noodwendig atlete wat die wedrenne wen nie.

Soos dit die geval was by die speletjies van die kinders en die volksdanse en sosiale danse van die volwassenes, het die gedagte van boeresport binne die leefruimte van die mense ontstaan.

Boeresport was 'n geleentheid vir sosiale samesyn waar mense met mekaar kon gesels, kompeteer, spog, meeding en gesellig verkeer. Daarom het baie van die boeresportgeleenthede saamgeval met 'n kerkbasaar, 'n skoolfunksie, 'n volksfees of nuwejaarsfeeste.

Die verskillende items weerspieël die leefwyse van die Afrikanervolk, veral sakresies, naald en gare, armdruk, eier-in-die-lepel-resies, driebeenresies, kruiwastoot, toutrek en nog baie meer waarvoor die minimum apparaat gebruik is en geen oefening en lang en duur voorbereiding nodig was nie.

### AANBIEDING

1. *Bring uself deeglik op die hoogte van die inhoud van die verskillende spele.*
2. *Bekom meer inligting uit boeke en by plaasmuseums, museums en biblioteke. Die reëls van Boeresport is by die ATKV beskikbaar.*
3. *Moenie al die inligting op een dag probeer weergee nie, maar versprei dit deur die jaar. Die onderwerp is iets wat u kan gebruik om Voortrekkers aangenaam te maak. Dit kan selfs gebruik word vir fondsinsamelings.*
4. *Bied die teorie van elke afdeling op vier aparte byeenkomste aan en versprei die spele en danse deur die jaar om 'n byeenkoms mee te begin of af te sluit.*
5. *Prof. E. Katzenellenbogen van die Fakulteit Menslike Bewegingskunde op Stellenbosch het boeke geskryf met die titel "Boeredanse" wat die danse verduidelik en ook agtergrond gee asook "Lekkerdraai" wat spesiaal vir Die Voortrekkers saamgestel is.*
6. *By die aanbieding van boeresport kan u eers die agtergrond daarvan skets en dan die verskillende items verduidelik. Sorg dat die kinders dit verstaan en laat hulle dit deeglik inoefen.*
7. *Reël 'n boeresportbyeenkoms en nooi die ander spanne daarheen uit. Volg die riglyne wat in die werkboek verskyn wanneer die byeenkoms beplan word.*
8. *Laat die spanlede die opdragte in die werkboek voltooi.*
9. *Gebruik ook die Ondersteuningsboek vir Penkop en Drawwertjie offisiere vir inligting.*

## EK AS AFRIKANER

### 1 DIE AFRIKAANSE TAAL

#### DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie bekend te stel aan die geskiedenis van sy Moedertaal om sodoende 'n liefde daarvoor te kweek.

#### INHOUD

1. Wat is 'n Moedertaal?
  2. Afrikaans as my Moedertaal.
  3. Hoe kan ek my taal bewaar?
  4. Waarom moet ek my taal handhaaf?
  5. Taalstryd.
  6. Bedryginge vir my taal.
  7. Die Bybel in Afrikaans.
  8. Die Taalmonument
- 

#### 1.1 WAT IS 'N MOEDERTAAL

Moedertaal is die taal waarin jou moeder met jou praat. Dit is die eerste woorde wat jy gehoor het, dikwels ook die eerste woorde wat jy gepraat het.

Dit is die taal waarin jy bid, waarin jy droom, waarin jy huil en selfs soms in vloek. Dit is die eerste ding wat by jou opkom as jy moet praat of antwoord. Afrikaans is so plooibaar en gebruikers vriendelik, daar is niks wat jy nie in Afrikaans kan sê of sing of handeldryf of dig nie. Die gebruik van die mens se moedertaal is sy geboortereg. Om daarin geleer te word en om jou godsdiens daarin te beoefen dit is 'n mensereg.

Ander tale is gerieflike kommunikasie-middele maar dit is al. Dié tale kan nie jou diepste gevoelens weergee nie.

#### 1.2 AFRIKAANS AS MY MOEDERTAAL

Afrikaanse het jare gelede ontstaan uit 'n hele aantal tale wat in die land gepraat is. Nederlands was gepraat deur die grootste aantal blankes. Toe die Franse Hugenote hier aankom is Frans ook gehoor. Die Engelse het hulle stempel op die taal afgedruk en so ook die Duitsers en Maleiers. Soos wat daar kennis gemaak is met die inheemse volke is hulle tale ook gehoor en sekere woorde en frases word steeds uit hul tale gebruik. Die verskillende tale het hul identiteit behou maar daar langsaan het 'n eiesoortige taal ontstaan wat gebruik gemaak het van leenwoorde uit al die tale wat hier gepraat is. Die basis was steeds die Nederlandse taal. Die uitsprake en grammatika het geleidelik verander om aan te pas by die sprekers se behoeftes en manier van praat. Woorde uit die ander tale is geleidelik opgeneem in die "nuwe" taal wat aan die ontwikkel was, sommige is ietwat verdraai of verander om by die mense aan te pas of by hul leefwyse en gebruike. Afrikaans is die enigste taal in die wêreld wat nie van iewers gekom het nie, maar wat ontwikkel is deur sy gebruikers. Dit maak Afrikaans uniek. Dit is genoeg rede om trots te wees op ons moedertaal.

Taal is 'n gawe van God en naas godsdiens seker die mens se kosbaarste kultuurbesit.

### 1.3 HOE KAN EK MY TAAL BEWAAR

1. Praat jou taal reg en suiwer.
2. Dring daarop aan om in jou taal bedien te word.
3. Help ander wat jou taal swak praat en moet nie vir hulle te lag nie.
4. Maak beswaar oor publieke figure wat swak Afrikaans praat, dink hier veral aan omroepers, sportlui, kunstenaars (ons kan al selfs sommige predikante noem).
5. Moenie bang wees om die enigste een te wees wat 'n suiwer taal praat nie.
6. Moenie toegee aan groepsdruk en so Engelse woorde gebruik net om "cool" te wees nie.
7. Doen die moeite om die regte Afrikaanse woord te soek vir items, dinge en gebruike.
8. Na Afrikaanse musiek luister, Afrikaans sing, Afrikaanse boeke lees en Afrikaanse opvoerings en feeste by woon.

### 1.4 WAAROM MOET EK MY TAAL HANDHAAF?

1. Dit is jou moedertaal - die taal waarin jy leer praat het.
2. Dit is deel van jou volk se kultuur.
3. Dit is deel van jou identiteit. Dit is wat jy is.
4. Die taal bind jou aan 'n bepaalde groep. Sonder taal is jy sonder kultuur hoort jy nêrens, wil niemand jou hê nie.
5. Sou jy jou eie taal minag sal ander taalgroepe jou ook nie wil akkomodeer nie, geen groep soek identiteitlose lede nie.
6. As jy jou eie verag sal geen groep jou vertrou nie, want as jy nie eens trots op jou eie is nie hoe trots kan jy dan op 'n ander taal wees.

Dit was nog deur die eeue so dat 'n enkeling wat van buite in 'n groep op geneem word, aanvanklik verwelkom word, maar in werklikheid nooit heeltemal deur die groep aanvaar word nie. So gebeur dit ook met die taalgebruikers.

### 1.5 TAALSTRYD

Deur die jare was daar maar altyd 'n taalstryd vir die behoud van Afrikaans

Aanvanklik was die stryd tussen Nederlands en Afrikaans. Afrikaans is lank as "kombuistaal" gesien - die taal van die slawe. Gesiene persone het eerder Nederlands gepraat.

In 1806 neem Brittanje die Kaap oor as Britse kolonie. Die regering, die handel en publieke dienste het geleidelik verengels. 'n Klompie Afrikaans-sprekendes het egter vasgeskop en in 1875 stig hulle "Die Genootskap van Regte Afrikaners". Dit was die eerste van vele pogings om Afrikaans te vestig as volwaardige taal.

In 1925 word Afrikaans in die parlement erken.

In 1933 is die Bybel in Afrikaans vertaal.

In 1961 word Afrikaans naas Engels as amptelike landstaal erken.

In 1994 word Afrikaans een van 11 landstale.

Die huidige regering gee tans weer voorkeur aan die gebruik van Engels. Daarom moet ons vandag steeds bereid wees om sterk te staan vir die behoud van ons moedertaal, Afrikaans.



## 1.6 BEDREIGINGS VIR MY TAAL

1. Die gebruik van Engels in Afrikaanse gesprekke.
2. Die sing van Engels in Afrikaanse kerke en by Afrikaanse skole se sportgeleenthede.
3. Die Universiteite wat feitlik gedwing word om net in Engels klas te gee.
4. Besighede wat slegs in Engels besigheid doen.
5. Openbare dienste se personeel wat dikwels slegs Engels magtig is.
6. Die oorwig teen Afrikaans, dikwels ook nog van ons eie mense.
7. Die feit dat Afrikaans nie wêreldwyd bekend is nie en gesien word as 'n onbenullige taaltjie.
8. Afrikaans word al meer uitgeskuif as 'n handelstaal.
9. Afrikaans word uitgeskuif as regeringstaal sou dit dan die taal van die verdrukker wees.

## 1.7 DIE BYBEL IN AFRIKAANS

Die eerste Bybel wat in die land gebruik is was die Nederlandse State Bybel. Dit was ook die Bybel wat die trekkers saamgeneem het op die Groot Trek. Die Nedelandse Bybel is tot in 1933 gebruik toe die eerste Afrikaanse Bybel verskyn het. Afrikaans is toe al deur baie mense gepraat maar baie was huiwerig om “die Woord van God” te laat vertaal. Daarom het mense lank na die Bybel reeds in Afrikaans beskikbaar was nog steeds die Nederlandse Bybel gelees. Die 1933 vertaling was baie lank in gebruik. Eers in 1953 was daar weer 'n vertaling en later weer in 1983.

Dit is nodig om die Bybel gereeld te vertaal, want die lesers se spreektaal verander met die jare en die Bybel moet daarby aanpas om steeds aktueel te wees.

Vandag is daar etlike vertalings sommige ook in populêre Afrikaans. Dit word gedoen in 'n poging om die inligting van die Bybel vir almal verstaanbaar te maak.

Om 'n Bybel in jou eie taal te besit is 'n baie groot voorreg wat baie min mense in die wêreld het. Nog 'n rede om trots te wees op ons taal en om alles te doen wat ons kan om dit te behou.

## 1.8 DIE TAALMONUMENT

As 'n mens so hard gestry het vir iets kosbaars, verdien dit seker 'n monument. Op 10 Oktober 1975 is 'n monument ter ere van ons taal naby die Paarl opgerig. Dit was juis in die Paarl waar die GRA gestig is. Die simboliek van die monument is kortliks soos volg (sien skets in werkboek):

1. Die drie kleiner suile links van die trapaantrede verteenwoordig tale en kulture van die weste waaruit Afrikaans ontstaan het. Die suile word korter soos hulle invloed afgeneem het.
2. Die podium regs met drie rondings daarop verteenwoordig tale en kulture van Afrika hier teenwoordig tydens die wordings- en groeiproses van Afrikaans.
3. Die enkel klein suil op die trapaantrede erken die bydrae wat die oosterse tale gemaak het.
4. Die hoofsuil is *Afrikaans vandag*. Dit is bo oop wat daarop dui dat die taal steeds groei. Direk onder en binne die hoofsuil is 'n borrelende fontien wat verdere groei simboliseer.
5. In dieselfde lewegewende waterpoel staan die Republieksuil, gerig na die hinterland van Afrika, in 'n houding van tweespraak.
6. By die trapaantrede is die geskiedkundige woorde van J H (onze Jan) Hofmeyer in brons letters aangebring: “Dit is ons erns”.

Die groot suil is 57 meter hoog en die monument is gebou van gehamerde gegote beton wat mooi saamsmelt met die rotse van Paarlberg. Die argitek was mnr. Jan van Wyk.

## AANBIEDING

1. *Dra die inligting in storienvorm oor. Maak ruimskoots gebruik van oudiovisuele materiaal.*
2. *Let op u eie taalgebruik en moedig ook goeie, suiwer Afrikaans by u spanlede aan.*
3. *Besoek plekke van historiese belang soos taalmonumente, of die huise van taalstryders, byvoorbeeld Langenhoven se huis te Oudtshoorn of Totius se huis te Potchefstroom of die NALN (Letterkundemuseum) in Bloemfontein.*
4. *Lees gedigte uit verskillende tydperke voor en speel vir u span mooi Afrikaanse musiek. Randall Wicomb se “Agt jollie kêrels” handel oor die stigting van die GRA.*
5. *Sodra jou span kan sê dat hulle lief is vir Afrikaans en dit uitleef, het jy geslaag!*
6. *Voltooi die opdragte in die werkboek.*
7. *Laat die span die taalmonument met klei, papier maché of ‘n ander medium bou.*

## 2 HELDE

### DOEL

Om die verhaal van helde en die boodskappe wat hulle dade vir die jeug inhou, aan die Penkop en Drawwertjie oor te dra.

### INHOUD

1. Verskillende soorte helde.
  2. Eietydse volkshelde.
  3. Die kenteken vir dapperheid.
- 

### 2.1 VERSKILLENDE SOORTE HELDE

#### A Helde uit die Bybel (geloofshelde)

Die Bybel wemel van voorbeelde van geloofshelde. Dink aan Abraham, Izak, Jakob, Josef, Ester, Simson, Petrus wat op die water loop, Josef, Maria, Lazarus se susters, Stefanus, Paulus, en baie meer.

#### B Helde uit die verlede

Die manier waarop Afrikanerkinders hulde aan helde uit die geskiedenis betoon, is 'n vorm van patriotisme. In die verloop van ons volk se geskiedenis was daar baie helde wat 'n bydrae tot die bestaan van ons volk gelewer het. Manne en vroue het deur hulle besondere optrede roem aan ons volk verleen.

Uit die Groot Trek kan Piet Retief, Sarel Cilliers en talle ander persone vermeld word. Die Eerste en Tweede Vryheidsoorlog het eweneens 'n hoeveelheid leiersfigure voortgebring waarop ons as volk trots moet wees. Dit is die plig en voorreg van elke Afrikanerkind om van dié heldedade bewus te wees.

#### C Groot figure in vredestryd

Daar was nie net groot manne op die slagvelde, in oorlog of krisistye nie, maar daar was ook ander wat op ander terreine groot prestasies gelewer het. Totius (Bybelvertaler en digter) en Jan Celliers (digter), het onder andere 'n onskatbare diens aan die Afrikanervolk gelewer. Op ander gebiede was daar dr A. Theiler (veearts vir veesiektes), dr S Annecke ('n medikus vir malariakoors), dr Chris Barnard (eerste hartoorplanting) en nog baie ander.

#### D Sporthelde

Sporthelde is die manne en vroue wat met hulle optrede en prestasies op sportgebied baie ander motiveer en inspireer en wat deur die jare ons land op die wêreldkaart geplaas het. Dit is jammer dat daar sommiges is wat só optree dat hulle nie navolgenswaardig is nie.

#### E Musiekhelde

Vir baie van ons jongmense is musiekhelde seker die bekendste. Daar is byna nie 'n seun en meisie wat nie voorkeur vir 'n bepaalde musiekmaker het nie. Daarmee mag niks verkeerd wees nie, maar die vraag is of die held se optrede 'n inspirasie tot beter dinge is en of hy 'n struikelblok is.

#### F Die persoonlike held

Die persoonlike held is die mooi meisie in die klas of die uitstaande rugbyspeler in die skool. Dit is seker een van die moeilikste tipes om te beskryf omdat persone met die toepassing van standaarde van mekaar verskil.

Wat ookal die tipe held is wat bespreek word, moet daar een eienskap in alle gevalle aanwesig wees, naamlik of dit wat hy doen of gedoen het enige positiewe boodskap vir my inhou, of dit vir die gemeenskap of vir ons land of volk iets beteken en of dit maar net iemand is wat gekom en weer gegaan het.

## 2.2 EIETYDSE VOLKSELDE

Na aanleiding van die gesprekke oor die keuse van helde kan die span onder u leiding 'n persoon kies wat hulle as held beskou. Gee aan hulle die opdrag om soveel moontlik van die held te wete te kom en die gegewens in 'n spanprojekboek saam te voeg. Indien die spanlede dit so verkies, kan elkeen sy eie verslag saamstel. Dit is belangrik dat die boodskap wat die persoon se daad of daede oordra, duidelik aangetoon moet word.

## 2.3 DIE KENTEKEN VIR DAPPERHEID

*Die Voortrekkers* vereer eietydse helde uit eie geleedere met die Toekenning vir Dapperheid (Reddingsboei) wat aan enige geregistreerde lid vir dapper optrede, wat met lewensgevaar gepaard gegaan het, toegeken kan word.

Die kommando waaraan die lid behoort, doen aansoek om so 'n toekenning deur 'n volledige memorandum aan die gebiedsdagbestuur voor te lê. Nadat die gebiedsbestuur die aansoek goedgekeur het, word dit aan die hoofbestuur voorgelê. As twee derdes van die lede ten gunste is van die toekenning, word die aansoek toegestaan. Die persoon ontvang dan by 'n spesiale geleentheid 'n kenteken, 'n geborduurde reddingsboei, wat hy op sy formele Voortrekkerdrag, volgens die voorskrifte van die reglement vir Voortrekkerdrag, dra.

### AANBIEDING

1. *Lei die bespreking in met die inligting beskikbaar. Die spanlede kan ook aan nog 'n paar helde dink en gee hulle die geleentheid om daaroor te praat.*
2. *Nadat almal lekker gesels en verskil het oor die verskillende helde, moet u leiding gee oor die vereistes waaraan 'n held moet voldoen.*
3. *Verduidelik kortliks wat die verskil is tussen heldeverering en mensverheerliking, iets waarteen die Bybel waarsku.*
4. *Beklemtoon die volgende:*
  - *helde kom hedendaags ook voor*
  - *'n held hoef nie noodwendig in die proses te sterf nie*
5. *'n Gebalanseerde begrip is noodsaaklik en dit kan alleen deur middel van gesprekke verkry word.*
6. *Die gevallestudie van 'n eietydse held kan u soos volg hanteer.*
  - *Probeer om inligting te bekom oor 'n held uit eie omgewing.*
  - *Indien daar in die omgewing 'n monument of standbeeld van 'n held is, of u oor foto's beskik, maak 'n studie van sy lewe.*
  - *Kies 'n persoon wat die span as held "aanvaar" en maak oor hom/haar 'n gevallestudie.*
  - *Inligting oor eietydse helde is nie geredelik beskikbaar nie en u sal lank voor die tyd die nodige aanvoorkom moet doen..*
7. *Laat die kinders die opdragte in die werkboek doen.*

## EK AS LANDSBURGER

### 1 DIE GESKIEDENIS VAN ONS VOLK EN LAND

#### DOEL

Om die geskiedenis van ons volk en land by die Penkop en Drawwertjie tuis te bring

#### INHOUD

##### Anglo-Boereoorlog (Die Tweede Vryheidsoorlog)

1. Die naam
2. Oorsake van die Oorlog
3. Milner en Kruger
4. Die ultimatum en uitbreek van die oorlog
5. Die verloop van die oorlog
6. Die krygsgevangenes
7. Die konsentrasiekampe
8. Die vrede van Vereeniging
9. Gevolge van die oorlog
10. Monumente

---

Aangesien hierdie hoofstuk baie nuwe inligting bevat, is dit 'n ideale hoofstuk om as 'n weeklikse "vervolgverhaal" te hanteer. U kan die "vervolgverhaal" ook deel van die program op 'n langer kamp maak.

#### 1.1 DIE NAAM

Mens staan soms verstom oor die groot aantal name waarmee een spesifieke mens aangespreek kan word. So is dit ook met sommige belangrike historiese gebeurtenisse. Die Tweede Vryheidsoorlog is 'n goeie voorbeeld van so 'n gebeurtenis. Die oumense in Afrikanergeledere het dit die *Engelse Oorlog* genoem. Vir hulle was dit 'n stryd teen die Engelse en die Engelse se meelopers. Die feit dat daar Skotte, Walliesers, Iere, Kanadese en Australiërs, benewens ander mense insluitende groepe Suid-Afrikane aan die Britse leër behoort het, het nie vir die oumense saak gemaak nie - die vyande was Engelse en klaar. Vir die Britte - dit was mos Groot Brittanje wat teen die Boere-republieke geveg het - was die oorlog die "**Boer War**", of Boereoorlog, want hulle vyand was die Boere. Die volksheld Christiaan de Wet het dit genoem die **Stryd tussen Boer en Brit**. Vir 'n latere geslag Afrikaners was die oorlog die **Anglo-Boereoorlog**. Dit beteken die oorlog tussen die Engelse en die Boere - al was daar ander mense, insluitende duisende Suid-Afrikaanse swartes, by die oorlog betrokke. 'n Ander gebruiksnaam is die **Tweede Vryheidsoorlog**, om dit van die Transvaalse Boere se Eerste Vryheidsoorlog van 1880-1881 te onderskei. Party mense praat heel neutraal van die **Driejarige Oorlog van 1899-1902**. Vandag praat baie Engelstaliges graag van die **Suid-Afrikaanse Oorlog**. Die naam "Die Anglo-Boereoorlog" word egter die wydste gebruik.

#### 1.2 OORSAKE VAN DIE OORLOG

"Diewe, moordenaars en fortuinsoekers!" Met hierdie groet het president Paul Kruger in 1894 'n toespraak begin. Dit was in Johannesburg, wat toe nog 'n klein dorpie was. Sy gehoor, tot wie hy die onvleiende woorde hierbo gerig het, was die sogenaamde *Uitlanders*. Wat het die *Uitlanders* in Johannesburg gesoek? Goud. Op die vraag waarom die oorlog gegaan het, kan mens ook in een woord antwoord: Goud. Dit was die ryk goudrif wat in 1886 op die Witwatersrand ontdek is, waaroor die twee kante die wapen opgeneem

het. Brittanje wou beheer oor die goud hê, en die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek, soos Transvaal destyds genoem is, wou dit nie afstaan nie.

Vir die Transvalers was die goudontdekking 'n gemengde seën. Aan die een kant was die goud waardevol en is dit vir hoë bedrae geld in die buiteland verkoop. Duisende delwers het van oor die hele wêreld na Johannesburg gestroom om die goudriwwe te ontgin. Dit was omdat hierdie delwers van buite die land gekom het, dat die Transvaalse burgers hulle *Uitlanders* genoem het. Die Transvaalse boere was verheug, want hulle kon teen 'n goeie wins aan hierdie *Uitlanders* voedsel en vuurmaakhout verkoop. Die Transvalers wat nie plase gehad het nie, het self na die delwerie gegaan om daar werk te kry. Waar die Transvaalse regering amper bankrot was, was daar nou weer geld.

Maar vir die Suid-Afrikaanse Republiek (Transvaal se amptelike naam) was daar ook 'n donker kant. Die *Uitlanders* het al hoe meer talryk geword en naderhand 'n bedreiging gevorm. Party van hulle - veral dié wat van Brittanje af gekom het - het geglo hulle betaal te veel belasting en die Transvaalse regering is sleg vir hulle. Daarom wou hulle hê Brittanje moet Transvaal oorneem en die Boere-regering uitskop. Hulle wou die Boere se land saam met die fortuin van die goudrif hê. Dit is hoekom Kruger hulle diewe, moordenaars en fortuinsoekers genoem het.

### 1.3 MILNER EN KRUGER

Met die suksesvolle afwering van die Jameson-inval was die gevaar vir die Boere nie verby nie. Inteendeel, vir die Britte in Londen was dit 'n vernedering en hulle het weerwraak geëis. Vroeg in 1897 het die Britse regering 'n nuwe hoofamptenaar na Suid-Afrika gestuur. Hy was die hoë kommissaris en sy naam was sir Alfred Milner. Sy taak was om aan Transvaal se vryheid 'n einde te bring.

Milner het besef dat Kruger sy grootste struikelblok was. Vir Kruger was dit net so duidelik wat Milner se planne was. Daarom het hy 'n verbond met president Marthinus Theunis Steyn van die Republiek van die Oranje-Vrystaat gesluit. Daarvolgens sou die twee Boererepublieke mekaar bystaan indien enigiens se voortbestaan bedreig word. Voorts het Kruger begin wapens koop, want hy het oorlog verwag. Uit Duitsland het hy duisende 7 mm Mausegewere bestel - die beste gewere van daardie tyd. Uit Frankryk het hy Creusot vestingkanonne bestel - ook die beste wat daar in die wêreld was. Die Boere het die swaar vestingkanonne *Long Toms* genoem. Daarbenewens het die Boere ligte snelvuurkanonne aangekoop en dit Pom-poms genoem, na die geluid wat hulle gemaak het.

Intussen het Kruger met Milner onderhandel om oorlog te probeer verhoed. Op 31 Mei 1899 was hulle saam in Bloemfontein, waar Milner opnuut eise gestel het. Die *Uitlanders* moes stemreg kry, want die Britte het geglo hulle sou die Boere in 'n verkiesing wen. Kruger se antwoord was: "Julle wil nie stemreg hê nie, julle wil my land hê!" Tog het hy aan Milner se eise toegegee. Dit was nie vir die Britte goed genoeg nie, en hulle het skepe vol soldate na Suid-Afrika begin stuur. Vir Kruger en sy regering was dit duidelik dat 'n oorlog onvermydelik was as hulle nie sommer net voor die Britte wou gaan lê nie.

### 1.4 DIE ULTIMATUM EN UITBREEK VAN DIE OORLOG

'n Ultimatum is 'n eis wat mens stel met 'n spesifieke dreigement daarby - iets soos: as jy nie binne die volgende halfuur dit of dit doen nie, gaan ek dat of dat aan jou doen! Kruger het in September 1899 aan Steyn laat weet dat hy so seker is dat die Britte oorlog wil hê, dat hy dink dit is beter om vinnig met die oorlog te begin voordat daar te veel Britse soldate in Suid-Afrika is. Steyn het geantwoord dat die Oranje-Vrystaat by Transvaal sou staan. Op 9 Oktober 1899 het die Transvaalse regering 'n ultimatum aan die Britte gestuur: As hulle nie binne 48 uur ophou om soldate na Suid-Afrika te stuur nie en nie ophou om eise aan Transvaal te stel nie, sal die Transvaalse regering aflei dat die Britte oorlog wou hê. Die Britte moes voor 11 Oktober antwoord. Hulle het nie. Die gevolg was dat daar vanaf daardie oomblik oorlog was: die Tweede Vryheidsoorlog van 1899-1902.

Met die uitbreek van die oorlog het beide Boererepublieke hulle burgers vir krygsdiens opgeroep. Dit beteken dat elke burger tussen sestien en sestig jaar oud, by 'n kommando moes aansluit. In albei republieke saam was daar sowat 52 000 burgers in daardie ouderdomsgroep. Later in die oorlog het daar telkens seuns wat jonger as sestien was, die wapen teen die Britte opgeneem. Hulle is penkoppe genoem. Ook burgers ouer as sestig het hulle by die kommando's gevoeg om die vaderland te beskerm. Aan Britse kant was daar minder as 50 000 soldate toe die oorlog begin het, maar hulle getalle het vinnig toegeneem soos nuwe soldate

uit die Britse Ryk in Suid-Afrika aangekom het. 'n Totaal van meer as 450 000 soldate het uiteindelik die strydperk teen die Boere betree, wat beteken dat daar deurentyd vier of vyf soldate vir elke een burger was.

Een van die grootste probleme waarmee die Boere te kampe gehad het, was dat die Britse vloot destyds die oseane van die wêreld oorheers het. Dit het beteken dat geen ander volk of land die Boere te hulp kon snel nie - al was daar baie mense in Nederland, Frankryk en veral Rusland wat graag sou wou help. Daardie mense is die Pro-Boere genoem. Dit het ook beteken dat die Boere na die begin van die oorlog geen nuwe wapens of ammunisie kon aankoop nie. Dit was 'n groot probleem, want hulle het nie destyds self ammunisie vervaardig nie. Toe hulle patrone opgeraak het, was daar net een uitweg oor: hulle het maar by die Tommies wapens afgeneem en daarmee verder geveg. Die Boere het die Britse soldate Tommies of Kakies genoem, omdat hulle kakiëkleurige uniforms gedra het.

Dit is onmoontlik om die verloop van die Tweede Vryheidsoorlog te verstaan, as 'n mens nie weet hoe sowel Boer as Brit 'n eeu gelede oorlog gevoer het nie. Die Britse leër was 'n ervare oorlogsmasjien, want die Britte het talle vyande dwarsoor die wêreld gehad en was gereeld met hulle in botsing. Die gewone soldate was goed opgelei en die offisiere het militêre skole bygewoon waar hulle geleer het hoe om hulle manskappe tot oorwinnings oor die vyand te lei. Buiten kanonne, kleingewere en enkele masjiengewere, het hulle ook die bajonet as wapen gebruik. Bajonette lyk soos lang dolke waarvan die lemme aan beide kante skerp-gemaak word. Dit word voor aan die loop van 'n geweer vasgesit en die soldate is geleer om hulle vyande daarmee te steek.

Die enigste Boere, aan die ander kant, wat ooit formele militêre opleiding ondergaan het, was die lede van die twee republieke se artilleriekorpse. Artilleriste is die militêre woord vir soldate wat met kanonne skiet. 'n Aantal Boere het wel oor oorlogservaring beskik weens hulle deelname aan veldtogte teen swart stamme op die republieke se grense, of was veterane van die Eerste Vryheidsoorlog vier jaar tevore. Die meeste Boere was egter onervare en onopgelei. Tog was baie van daardie Boere gebore "soldate". Hulle het die veld goed geken, was bekend met die klimaat, uitstekende perderuiters en nog beter skuts.

'n Groot probleem vir die Boeremagte was dat elke burger gedink het dat hy 'n vrye keuse het. As hy nie met sy offisier se planne saamgestem het nie, het hy sommer huis toe gegaan. As hy gemeen het daar gebeur nie juis veel nie en sy graan moet goees word, het hy ook huis toe gegaan. Ernstige siekte tuis, was ook 'n rede om die kommando te verlaat.

Omdat hulle perde daaraan gewoond was om sommer in die veld te wei, was dit nie vir die Boere nodig om waens met perdevoer saam te sleep nie. Hulle het hulle eie kosvoorrade op die boereplase aangevul. Die gevolg was dat die Boere veel beweegliker was as die Britte, wat altyd waens vol voorrade moes saamsleep. Die Britte was boonop van die treine afhanklik om vir hulle voorrade aan te ry. Die Boere het daardie swakheid telkens uitgebuit deur die treinspore en brûe met dinamiet op te blaas. Later in die oorlog het die Boere boonop telkens voedsel van die Tommies gebuit.

Op Sondae is daar meesal nie geveg nie. Dan was daar tyd vir ontspanning. Die Boere het eredienste georganiseer, terwyl die Britte se gunsteling aktiwiteit was om krieket te speel. Beide die burgers en die Kakies se grootste vyand was verveling. Daar is nie elke dag geveg nie en dan moes hulle hulleself besig hou.

## 1.5 DIE VERLOOP VAN DIE OORLOG

Aan die begin van die oorlog, in Oktober en November 1899, het die Boerekommando's na die grense van die republieke opgeruk om die aankoms van Britse versterkings te verhoed. Hulle wou veral beheer oor die treinspore, wat van die hawens na die republieke gelei het, verkry. Die Boere het daarin geslaag om die Britse soldate op die grense in drie groot dorpe, naamlik Ladysmith, Kimberley en Mafikeng, vas te keer en daar te beleër. Teen Desember het die eerste Britse versterkings opgedaag en die Boere aangeval. Dit het op 'n katastrofe vir die Britte uitgeloop, toe hulle binne 'n week, wat later deur Britse skrywers die Swart Week genoem is, gevoelige nederlae teen Boerekommando's by Stormberg in die noordelike Karoo, Magersfontein in die Noord-Kaap en Colenso in Natal gely het. Dit was veral op laasgenoemde front waar sake voorspoedig vir die Boere verloop het. Al het die Transvaalse kommandant-generaal, Piet Joubert, weens swak gesondheid die bevel aan Louis Botha oorgedra en was laasgenoemde nog jonk en onervare, het die Boere in Januarie 1900 nog 'n verbete Britse aanval in Natal suksesvol afgeslaan toe hulle 'n groot oorwinning by Spioenkop behaal het.

Kort daarna het die aankoms van oorweldigende getalle Britse troepeversterkings, die skaal in hulle guns begin swaai. Boonop het twee uiters bekwame offisiere opgedaag om bevel oor die Britse leër te voer. Hulle was veldmaarskalk Frederick Roberts en generaal Horatio Kitchener. Na deeglike beplanning en met 'n groot oormag het hulle die aanval hervat. Nou het rampspoed vir die Boere voorgelê. Op 27 Februarie 1900 het Piet Cronjé, die held van Doornkop, wat by Paardeberg deur die Britse magte omsingel is, met sy 4000 man oorgegee.

Na die Britse oorwinning by Paardeberg het Roberts in Maart 1900 Bloemfontein, die hoofstad van die Oranje-Vrystaat, beset. Talle burgers was so moedeloos oor hierdie terugslag dat hulle die wapen wou neerlê. Offisiere soos vegeneraal Christiaan de Wet het egter die meeste van hulle gemotiveer om vas te staan. De Wet se oorwinning oor 'n Britse kolonne by Sannaspos kort na die besetting van Bloemfontein het die burgers met nuwe hoop vervul. Roberts het egter sy offensief voortgesit en die Boere tot op die rand van oorgawe gedryf. In Mei het hy Johannesburg bereik en vroeg in Junie 1900 het sy troepe die Britse vlag in Pretoria gehys. Wat Roberts betref, was die oorlog verby en het hy die Oranje-Vrystaat en Transvaal as kolonies van Brittanje geproklameer.

Die vraag was: hoe sou die Boere reageer? Vroeg in Junie 1900 het die Boere-offisiere net buitekant Pretoria 'n krygsraadvergadering gehou. Baie burgers het na hulle huise teruggegaan en baie kommandante was dood of is gevange geneem. Daar was egter manne wat nie die stryd gewonne wou gee nie. Onder laasgenoemde was president Steyn, generaal Christiaan de Wet en generaal (vroëer regter) J.B.M. Hertzog uit die Oranje-Vrystaat en generaals Koos de la Rey, Jan Smuts ('n jeugdige vertroueling van president Kruger) en die beroemde Boereverkenner Danie Theron uit die Suid-Afrikaanse Republiek. Die krygsraad het besluit dat die Boere in klein groepies van tussen vyftig en tweehonderd man moes veg. Hierdie klein guerrilla-afdelings is gebruik om die Britse mag lastig te val en was baie suksesvol. Só het De Wet talle epiese krygsoperasies dwarsoor die land uitgevoer terwyl tienduisende Britse troepe tevergeefs "dryfjagte" op hom uitgevoer het. Die Britte het later klein fortjies, wat blokhuse genoem is, oral in die land gebou en doringdraadheininge gespan om die Boere te probeer vaskeer, maar laasgenoemde was te uitgeslape vir die Tommies!

In Oos-Transvaal het generaal Louis Botha die bevel oor die Transvaalse hoofmag gevoer. Nadat hy nie daarin kon slaag om die Britse magte by Donkerhoek, net oos van Pretoria te verslaan nie, het hy ooswaarts uitgewyk. Die Transvaalse regering, insluitende die bejaarde president Kruger, was saam met hom. By Berg-en-dal naby Machadodorp het Botha vir 'n laaste keer in 'n stellingsgeveg die Britte die stryd aangesê. Die Boere het dapper geveg maar die oormag was te groot. Kruger het daarna die land verlaat omdat die Boere bang was dat hy in Britse hande kon val. Hy het in Europa hulp vir sy mense gaan soek, maar niemand wou of kon help nie.

Die oorlog was egter nog ver van verby. In Wes-Transvaal was De la Rey die hart van die Boereverset en het hy talle betekenisvolle oorwinnings oor die Britte behaal, soos by Nooitgedacht in Desember 1900. Eers Hertzog en daarna Smuts, wat beide later Suid-Afrikaanse eerste ministers geword het, het invalle in die Kaapkolonie geloods waar duisende Kaapse Afrikaners by hulle aangesluit het. Hierdie patriotte is deur die Britte Rebelle genoem. Enkeles van hulle is deur die Britte doodgeskiet omdat hulle die Boeremagte gesteun en beskerm het. Een van die mooiste voorbeelde van 'n kinderheld, was toe die 12-jarige Japie Greyling, voor die vuurpeleton, steeds geweier het om inligting, oor die bewegings van die Boere, aan die Britte te verskaf.

## 1.6 DIE KRYGSGEVANGENES

Van so vroeg as twee weke na die uitbreek van die oorlog, is daar Boere deur die Britte gevange. Hierdie Boere is, soos duisende burgers na hulle, as krygsgevangenes na eilande soos Ceylon in die Indiese Oseaan en St Helena en Bermuda in die Atlantiese Oseaan weggevoer - duisende kilometer van hulle huise af. So is daardie Boere uit die oorlog uitgeskakel. Die Boerekommando's het nie oor die vermoë beskik om die Britse soldate wat hulle krygsgevangene geneem het, uit die oorlog uit te skakel nie. Dit was inderdaad een van die Boere se grootste swakhede dat hulle noodgedwonge hulle krygsgevangenes weer moes loslaat - gewoonlik nadat hulle die Tommies se wapens en klere afgeneem het - om later verder teen hulle te veg.

Die Boere wat krygsgevangenes geword het, het geen aangename lot gehad nie. Die skeepsreis was lank en ongemaklik met baie siektes aan boord wat talle lewens geëis het. Meestal het hulle ook nie geweet waarheen hul op pad was nie en dit het baie bygedra tot hulle vrees en desperaatheid. Die bekende liedjie



"Sarie Marais" beeld die moedeloosheid van die Boere-krygsgevangenes treffend uit. Terwyl sommige Britse offisiere hulle vertel het dat hulle nooit weer hul familie of vaderland sou sien nie, is daar ook verhale wat getuig van goeie behandeling, deernis en meegevoel met die Boere.

Die burgers wat nog geveg het, het ondertussen gely onder dislojaliteit in eie geledere. Die Britte het Boeregevangenes vrygelaat indien laasgenoemde belowe het om nie verder te veg nie. Die vegtende Boere het daardie volksgenote van hulle "hensoppers" genoem. Ander Boere wou nie veg nie en het die land tydelik verlaat - die "wegkruipers". Nog ander het selfs by die Britse magte aangesluit as wagte, verkenners en staatsamptenare. Hulle is "joiners" genoem. Teen die einde van die oorlog het die Britte selfs Boere betaal om vir hul spioenasiewerk te doen. Hulle was bekend as die "National Scouts" en was 'n doring in die vlees van die Boere wat tot die einde met die stryd volgehou het. Laasgenoemde het die erenaam Bittereinders ontvang.

Benewens die Boere wat op die slagveld krygsgevangene geneem is, is Boere wat verkies het om tuis te bly (die sogenaamde "huislêers") ook na die krygsgevangekampe geneem. Selfs seuns van agt jaar oud, is saam met hul pa's na die kampe geneem, asook bejaardes. Op die eilande is die gevangenes in tente gehuisves. Gou-gou was die akkommodasie te min wat weer probleme veroorsaak het soos onderlinge rusies en allerlei siektes. Die Boere het hul egter nie laat onderkry nie en met groot vernuf hul eie hutte begin oprig.

Vir die Boere wat gewoon was aan die ruimtes van die veld, was die krygsgevangekampe 'n bittere beproewing. Die beperking van beweging, die eentonige militêre dissipline en verveeldheid was alles bitter onaangenaam vir die Boere. Posdag was normaalweg 'n groot dag, alhoewel die besending van posstukke tydszaam verloop het omdat alle briewe eers deur die kampowerhede gesensor is.

Foto's wat destyds geneem is, asook die talle beskrywings wat behoue gebly het, dui aan dat die krygsgevangekampe spoedig soos klein dorpies begin lyk het soos die Boere hulle vernuf aan die dag gelê het. Hulle het sake gedoen, skoolgehou en kerk toe gegaan. Tussen die krygsgevangenes was ook gevange onderwysers en predikante, maar gou-gou het benewens die jeugdiges, selfs die grootmense die skole en kategrese begin bywoon.

In hierdie moeilike tyd het die Boere se geloof hulle grootliks gedra. Besoekers aan die kampe was gewoonlik verstom oor die groot mate van orde en dissipline onder die Boere self, hulle geloofsoortuiging en dat hulle nie die Britte gehaat het vir wat hulle aangedoen is nie.

Vrye tyd in die kampe is bestee aan rugby, atletiek, tennis en boks wat deur beide deelnemers en toeskouers geniet is. Daar was ook lewendige debatsaande, musiekverenigings, kulturele aktiwiteite en kampkoerante met name soos *Kamp Krummels* en *De Prikkeldraad*. Handwerk was ook baie gewild en die meeste krygsgevangenes het iets uit klip, been, hout of ivoor gemaak. Baie van hierdie artikels staan vandag nog in huise van hul trotse nageslagte.

Dat daar wel planne gemaak is om te ontsnap, is waar. Dit het egter selde geslaag. Een so 'n ontsnapping was dié van J.L. de Villiers uit 'n kamp in Indië. Hy het opgemerk dat daar elke middag 'n Indiër met sy karretjie onopgemerk deur die kamphekke beweeg het. Hy het homself soos 'n Indiër vermom en doodluiters saam met die karretjie by die hekke uitgestap. Hy vertel sy verhaal in die boekie *Hoe ek ontsnap het*. Willie Steyn en sy maats het weer in 'n hawe in Indië oorboord gesprong en is deur 'n Russiese skip opgepick. Vanaf Rusland is hulle na Duitsland, het Paul Kruger in Nederland besoek en is hulle via Namibië terug huis toe - net om weer te gaan veg. Hy het hulle verhaal vertel in *Terug na Kommando*.

## 1.7 DIE KONSENTRASIEKAMPE

Om die oorlog tot 'n spoedige einde te bring, het Kitchener teen die einde van 1900 besluit om die Boere te ontnem van die voorrade wat hulle by die Boereplase ontvang het. Dit is gedoen deur die Boere se huise en die landerye af te brand en die vroue, bejaarde mans en kinders in konsentrasiekampe te plaas. Hierdie Britse beleid het bekend geword as die "verskroeiende aarde"-beleid. Dit het soveel ellende meegebring dat daar later deur skrywers gesê is dat die vroue verreweg die swaarste offers gebring het in die stryd vir hul land en volk se vryheid.

Kitchener het ingevolge die verskroeiende aarde-beleid aan sy soldate opdrag gegee om elke plaas te besoek en dié Boeregesinne wat daar gewoon het, na konsentrasiekampe weg te voer. Die soldate het, wanneer hulle op 'n plaas gekom het, die plaashuis geplunder en aan die brand gesteek. Ook is die vee weggevoer of doodgemaak. Hierna is die vroue, hulle kinders en enige bejaardes soms te voet, of andersins per wa, na die

naaste stasie geneem waarvandaan hulle in oop steenkooltrokke na een van die kampe vervoer is. Dit het nie saak gemaak of enigeen oud, swak of siek was nie. Soms het moeders in hierdie omstandighede die lewe aan babatjies geskenk.

Daar was altesaam 48 krygsgevangekampe vir blankes, benewens 'n aantal spesiale kampe waar swartmense aangehou is. Die toestande in die kampe het van kamp tot kamp gewissel, maar gewoonlik was daar nie genoeg blyplek vir almal nie en moes die gevangenes dae lank onder die oop hemel slaap, selfs al het dit gereën of was dit in die hartjie van die winter. Die tente was soms so dun dat 'n mens die sterrehemel deur die tentseil kon sien. Daar was nie genoeg matrasse, komberse, seep, kerse of behoorlike kos nie. Die vroue is nie toegelaat om enige besittings na die kampe saam te neem nie en het slegs die klere besit wat hul aangehad het en het meestal kaalvoet geloop. Vroue wat geld besit het, het dikwels ander vroue vir hulle laat wasgoed was sodat hulle klere vir hul kinders kon bekostig.

Bedags het die vroue kos gemaak oor oop vure met hout wat hul self moes gaan kap. Die kos het bestaan uit 'n bietjie vleis, koffie, ongesifte meel, kondensmelk, suiker en sout. Soms het hulle een aartappel gekry, maar nooit groente nie. Die ongesonde dieet en die baie mense wat op 'n hoop saamgebly het, het gely tot ernstige siektes soos maagkoors, longontsteking, masels, malaria, pokkies en kinkhoes. Baie kinders het ook van honger doodgegaan. Daar was ook nie genoeg hospitale, medisyne of verpleegpersoneel nie. Uiteinde-lik het meer as 27 000 mense in hierdie kampe gesterf, waarvan 22 000 kinders was.

In die kampe is die vroue gedreig dat hulle nie weer hul mans sou sien en hulle plase sou verloor as hulle mans nie oorgee nie. Ook is vroue dikwels met 'n wit vlag na die kommando's gestuur om hulle mans om te praat om oor te gee. Hierdie dapper vroue het normaalweg geweier. Intendeel, as hulle wel gegaan het, het hulle die mans moed ingeproat en aangespoor om aan te hou veg. Hulle kon dit doen omdat hulle geglo het dat hulle saak by God reg is. Hulle onwrikbare geloof het hul deurgaans staande gehou.

Enkele Boeregesinne het gevlug voordat die Britte hulle plase kon bereik. Hulle het in die berge onder kranse en in grotte geslaap. Nonnie de la Rey en mev de Wet het byvoorbeeld so rondgeswerf. Dit het ook gebeur dat gesinne soms eenvoudig by die swart murasies agtergelaat is en moes sien kom klaar.

Nie alle Britse soldate se optrede was barbaars nie. Baie vroue kon getuig van meegevoel en goedgesindheid aan die kant van die offisiere en soldate. Hulle moes egter hulle instruksies uitvoer.

Een vrou wat baie vir die vroue en kinders in konsentrasiekampe gedoen het, was Emily Hobhouse, die dogter van 'n predikant in Engeland. Sy het die kampe besoek en die ellendige toestande aan die regering in Brittanje en aan die pers geopenbaar. Kitchener het sy optrede probeer goedpraat deur aan die wêreld te vertel dat dit vlugtelingkampe was en die vroue en kinders beter af was daar as buite waar die oorlog gewoed het. Nogtans het die gevoelens in Engeland hoog geloop oor hierdie onmenslike krygsmetodes sodat 'n prominente parlamentslid, David Lloyd George, tydens een vergadering, vermom as 'n polisieman, by 'n agterdeur moes uitvlug om nie aangerand te word nie.

Toe Emily Hobhouse die konsentrasiekampe in Suid-Afrika 'n tweede keer wou besoek, is sy deur Kitchener summier met 'n boot teruggestuur. Sy het egter onvermoeid voortgegaan om kos en klere vir die slagoffers in te samel. Na haar dood, is haar as aan die voet van die Vrouemonument in Bloemfontein begrawe.

Die konsentrasiekampe is 'n swart bladsy in die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog en was uiteindelik die vernaamste rede vir die Boere se besluit om oor te gee.

## 1.8 DIE VREDE VAN VEREENIGING

Die ellende in die konsentrasiekampe en die onophoudelike verwoesting van die land, het uiteindelik daartoe gelei dat die Transvaalse regering in Maart 1902 met vredesvoorstelle na die Britte gekom het. Nog 'n faktor was dat die Britte al hoe meer swartes begin bewapen het om teen die Boere te veg. Die Boere was bang dat rowerbendes so sou ontstaan wat tot die dood van nog meer vrouens en kinders sou lei.

Die ontmoeting het op Klerksdorp plaasgevind en is op 15 Mei in Vereeniging voortgesit. Hier is die Boere voor die onverbiddelike keuse gestel om óf oor te gee, óf die stryd voort te sit. Die meeste van die Vrystaters wou nie hul onafhanklikheid prysgee nie, maar die Transvaalse leiers het gesê dat die beëindiging van die oorlog noodsaaklik was vir die voortbestaan van die Afrikanervolk. Hierdie argument het uiteindelik gewen. Die Vrede van Vereeniging is die aand van 31 Mei 1902 om elfuur in Melrose-huis in Pretoria onderteken. Die Boere het hul onafhanklikheid en die oorlog verloor. Die hele Suid-Afrika was nou onder Britse beheer.

Die vredesluiting is met 'n groot gejuig in die krygsgevangene- en konsentrasiekampe begroet. Die Boere in die kampe was oortuig dat hulle die oorlog gewen het. Die werklikheid het vir hulle as 'n groot skok gekom. Dié wat nie die eed van getrouheid aan die Britse kroon wou aflê nie, het 'n tuiste in Bermuda, die VSA en Argentinië gevind. Die ander het in 1902 huiswaarts gekeer - as Britse onderdane. Die Boererepublieke het verdwyn.

## 1.9 GEVOLGE VAN DIE OORLOG

Die Tweede Vryheidsoorlog het belangrike gevolge gehad. Polities was die hele Suid-Afrika daarna Brits. In 1910, toe die vier groot Britse kolonies in Suid-Afrika verenig het in die Unie, het Louis Botha die Eerste Minister daarvan geword. Inderdaad, vanaf 1910 tot 1948 het Boeregeneraals van die Tweede Vryheidsoorlog oor Suid-Afrika regeer.

Wat vir die Afrikaner ook belangrik was, was dat die oorlog 'n bron van inspirasie vir die toekoms geword het. Die skitterende oorwinnings van die vroeë fase van die oorlog, en veral De Wet en De la Rey se krygsvernuf in die latere fases, het van hulle volkshelde gemaak. Honderde gedigte, boeke en later rolprente en televisieprogramme het die oorlog as onderwerp gehad. Die verwoesting van die oorlog het egter ook sy merk gelaat en 'n groot knou aan die Afrikanervolk toegedien. Dit is ironies dat die kinders die duurste prys betaal het. Sowat twee derdes van die Boere se ongevalle tydens die oorlog was kinders jonger as sestien jaar oud.

## 1.10 MONUMENTE


Na die Vrede van Vereniging het die burgers met hul vroue en kinders na die afgebrande plase terug gekeer om weer 'n nuwe begin te maak. Die hartseer en pyn moes egter tog vir die nageslag bewaar word en so is verskeie monumente opgerig. Dit is immers die natuurlike verlange van 'n volk om sy helde te vereer of 'n geskiedkundige gebeurtenis te verewig. Die drang is daar om self eer en dankbaarheid te betoon en om op aanskoulike wyse die nageslagte immer aandagtig te hou en te besiel.

Gaan sit op die klipbank binne die ringmuur van die Vrouemonument. Hef jou oë op na die Moeder en Kind, let op die blik van die twee vroue wat oor die vlaktes tuur. Besoek die konsentrasiekampe se kerk-howe. Staan op die presiese middaguur binne die Voortrekkermonument en wag dat die sonstrale op die woorde "Ons vir jou Suid Afrika" skyn en jy sal verstaan waarom monumente 'n nodige deel en belewenis van elkeen behoort te word.

### DIE VROEMONUMENT IN BLOEMFONTEIN

Die Vrouemonument is die bekendste en omvattendste monument ter nagedagtenis van die Anglo-Boereoorlog. Op die hoofbeeld, voor die sandsteen suil, kan die seer en pyn op die gesigte van die vroue gelees word. Die een staar ver oor die Vrystaatse vlaktes terwyl die ander, met haar uitgeteerde kind op haar skoot, ook soek na die tuiskoms van haar man. Later is Pres. M T Steyn (volksman), Genl C R de Wet (krygsman) en Dr J D Kestell (godsman), hier begrawe. Hulle het as verteenwoordigend van die helde van die oorlog gedien. Na die dood van Emily Hobhouse is haar as ook hier te ruste gelê.

In die Oorlogsmuseum by die Vrouemonument word die lewe van die vroue en kinders in die Konsentrasiekampe asook die mans en ouer seuns se lewe op Kommando, treffend uitgebeeld.



## INDIVIDUE

Verskeie monumente om die heldedade van individue tydens die oorlog te gedenk, is ook opgerig. Ons noem slegs 'n paar: Genl. C R de Wet voor die Vierde Raadsaal in Bloemfontein. Danie Theron in Krugersdorp. Japie Greyling in Maitlandstraat in Bloemfontein en op Doornkloof. Die "Krygsgevangene" en die "Bittereinder" op die gronde van die Vrouemonument. Genl Beyers in Makwassie, Genl De la Rey in Lichtenburg en Genl. Louis Botha voor die Uniegebou in Pretoria.



Genl. Christiaan de Wet

Genl. Louis Botha




Genl. Koos de la Rey



## MELROSEHUIS IN PRETORIA

Die Vrede van Vereeniging is op 31 Mei 1902 hier onderteken en hierdie huis is ook tot 'n Nasionale gedenkwaardigheid verklaar.



## DIE VREDESMONUMENT IN VEREENIGING

Die Vredesmonument is op 10 Oktober 1961 deur wyle dr H F Verwoerd onthul. Die beeldhouer is Coert Steynberg, wat die herrysenis van die Afrikanervolk voorstel. Op die grond lê 'n man met 'n dolk in die hart. Hy beur egter omhoog, as teken dat hy geval het, maar nie sal bly lê nie. Uit hierdie gevalle figuur herrys 'n nuwe figuur: Die boerevolk staan op! Op die monument staan die woorde: **Gewond – maar nie oorwin nie. Vereeniging 31 Mei 1902**

Die voetstuk is van graniet gebou. Daar is 'n lourierkrans wat die gesneuweldes huldig. Die gewere is dwars teenoor mekaar gerangskik, die bandolier is leeg en lê onder die hoed van die oudsryder. Die oorlog is verby. Dit is vrede .....




## BLOKHUISE AS MONUMENTE

Die Britse magte het met groot dryfmagte begin met die doel om al die Boeremagte te probeer vang. Langs die spoorlyne of tussen bepaalde dorpe het die Britte linies van blokhuisse gebou. In so 'n blokhuis is 'n klein afdeling soldate geplaas om te verhinder dat die kommando's deurkom. Britse kolonnes wat 'n aaneengeslote linie oor lang afstande gevorm het, het daarna begin om die kommando's in die rigting van 'n blokhuislinie te dryf. Die kommando's sou hulle dus as't ware in 'n kraal bevind waaruit hulle nie kon ontvlug nie, en dan maar sou moes oorgee.



‘n Kaart om die netwerk van Britse blokhuisse wat die land oorspan het, aan te dui.



Stellings van die belangrikste Boere- en Britse magte toe die oorlog uitbreek.



#### AANBIEDING

1. *U sal opmerk dat dit 'n geweldige klomp leeswerk is. Die doel daarvan is om vir u van genoegsame inligting te voorsien sodat u dit in sinvolle "hart" aanbiedings kan omskep om aan die kinders oor te dra. Die klem moet eerder op begrip as die oordra van feitlike kennis val. Die kinders moet 'n "gevoel" vir die geskiedenis ontwikkel.*
2. *Meer as een spanbyeenkoms sal gebruik moet word om hierdie gegewens oor te dra - en die spanlede moet gelei word om self heelwat na te lees.*
3. *Daar is baie boeke oor die oorlog, waaronder fotogeskiedenis. Maak daarvan en van prente, kaarte en ander hulpmiddels gebruik*
4. *Daar is video's oor die oorlog wat by die Filmoteke gehuur kan word.*
5. *Probeer plekke wat 'n verband met die oorlog het, besoek, soos 'n slagveld, 'n konsentrasiekampkerkhof, die Vrouemonument en Oorlogsmuseum in Bloemfontein of die Melrosehuis in Pretoria. Bepaal riglyne vir so 'n besoek waarbinne die spanlede self die voorbereiding kan doen.*
6. *Heelwat oorlogverhale en vertellings oor die oorlog is vir kinders beskikbaar. Lei die kinders om self daarna te soek in plaaslike biblioteke en motiveer hulle om dit te lees.*
7. *Daar bestaan ook gedigte oor die oorlog soos Cilliers se "Dis al" en Leipoldt se "Aan 'n seepkissie". Lees dit vir die span voor of laat hulle dit self lees en verduidelik die betekenis.*
8. *Die Tweede Vryheidsoorlog leen hom uitstekend tot opdragte. Die spanlede kan byvoorbeeld 'n kaart van Suid-Afrika teken waarop hulle die vernaamste veldslae van die oorlog aandui, asook die dorpe wat deur die Boere beleër is en ander ter saaklike besonderhede. 'n Ander moontlikheid is dat hulle 'n plakkaat oor een van die persoonlikhede van die oorlog soos Kruger, De Wet of Hobhouse maak.*
9. *Laat die span die speletjie in die werkboek speel.*

